UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

MATIELAND

2 • 1994



As u 'n Oud-Matie is... is dit u kredietkaart.

U Oud-Matie kredietkaart ondersteun u Alma Mater finansieel en gee u terselfdertyd krediet omdat u die regte keuse maak.

Dubbele voordele

U en u universiteit trek voordeel uit u kredietkaart.

Vir die universiteit:

- 'n Finansiële bydrae word aan die Universiteit gemaak elke keer as 'n kaart uitgereik word of wanneer die kaart gebruik word.
- Elke keer as u iets met u kaart aankoop, dra u by tot die prestige van u universiteit.

Vir u:

- Voordele sluit in al die geriewe, dienste en internasionale aanvaarding van MasterCard.
- U kry gereeld 'n katalogus met unieke spesiale aanbiedings – afslag op goedere, dienste en ontspanningsaktiwiteite.
- U wys u steun vir u universiteit.

Gebruik die kredietkaart wat u verkies

Met al die voordele vir u en vir u universiteit, sal u vind u verkies om eerder die Oud-Matie kredietkaart te gebruik as enige ander kredietkaart wat u mag hê.

Vir diegene wat kwalifiseer is daar ook 'n Universiteit van Stellenbosch Goue MasterCard met talle bykomende voordele. Pos net die koepon en u sal 'n brosjure en aansoekvorm kry.

As u 'n Oud-Matie is, dan is hierdie MasterCard u kredietkaart.

Pos hierdie koepon aan: Universiteitskredietkaartprogram, Privaatsak X6, Fairland, 2030

JA! Stuur my asseblief 'n **Oud-Matie** kredietkaartaansoekvorm en brosjure.

Titel ____ Voorletters ____ Van ____

Adres ____

Poskode ____ Tel nr: (W) ____ Kode ____ Taalvoorkeur Afr ☐ Eng ☐ Ouderdom ____

ABSA Bank Beperk handeldrywend as: United Bank, Volkskas Bank, TrustBank en Allied Bank. (ALUM)

93081212/3/RHP



MATIELAND

JAARGANG 38 2 : 1994

INHOUD

MENING

Die US en die nuwe bedeling **3**

UITREIK

Opvoeding vir verantwoordelike omgewingsbestuur 4

BUITELAND

Nederlandse universiteit nooi Rektor as feesspreker **6**

US word lid van oorsese liggame 7

Eerste taalstudent uit Leiden hier 7



Neelsie byna reg ..... bl. 29

SAKELEIER

Matie-boustene kenmerk Eskom se grootbaas **8**

KUNS & KULTUUR

Kunstenaar trek aandag oorsee 10

Drama blink uit op toneelweek 12

NAVORSING/RESEARCH

Knowledge to keep the wheels rolling **15**

Presteerder met die mikroskoop 16

Soöloë gaande oor primitiewe vonds 17

Primitiewe vonds ..... bl. 17

SPORT

Laboratorium vir Matie-rugby **20**

Groot hupstoot vir hokkie 21

Coetzenburg popular with overseas stars 22

GEBOUE

Openbare bestuur kry nuwe gebou 28

Vernuwings by Neelsie byna klaar **29**

ALLERLEI

Teoloë se studie trek aandag in die VSA 23

Oud-Maties deel van die nuwe politieke bestel **24**

Reünies 26

Studente-prestasies 27

In memoriam 30

Voorblad: **Skoliere monitor die water in die Eersterivier op Stellenbosch as deel van 'n omgewingsopvoedingsprojek waarmee daar baanbrekerswerk in die Fakulteit Opvoedkunde gedoen word. Dit skakel in by 'n wêreldprojek om rivierbesoedeling te bekamp. Lees die berig op bl. 4.** **Foto:** **Anton Jordaan**

Matieland word drie keer per jaar uitgegee en gratis aan oudstudente en donateurs van die US gestuur.

Redaksiekantoor: Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X5018, Stellenbosch, 7599, tel. (021)808-4633/808-4851; faks (021)808-4499, Adreslys: (021)808-4634.

Redakteur: Hans Oosthuizen **Redaksionele advieskomitee:** proff Christo Viljoen (voorsitter), Walter Claassen, Flip de Wet, Johan Groenewald en George Claassen; asook mnre Johan Fechter, Sunley Uys, Douglas Davis en Hans Oosthuizen. **Ontwerp en uitleg:** Elmarie van der Merwe, Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (Buvo), US; **Fotografie:** Antenie Carstens en Anton Jordaan (Buvo) **Gedruk deur** Nasionale Handelsdrukkery.

Ons *4by4* Tjekrekening. Loshande jou veelsydigste betaalgerief.

As jy na al die kenmerke van ons *4by4* tjekrekening kyk, sal jy sien dat dit eintlik glad nie 'n tjekrekening is nie. In der waarheid is dit 'n hele pakket van vier finansiële dienste.

Een: Daar's 'n tjekboek, vir gerieflike, veilige betalings.

Twee: Daar's 'n Bankmankaart, vir 24-uur OTM-transaksies.

Drie: Daar's 'n Visa-kaart, vir gratis landwye aankope.

Vier: Daar's 'n Petrokaart, vir allerlei motorkoste-betalings.

Dis ál vier in één. Met een rekeningnommer lewenslank en alle banktransaksies op een staat.

En Boland Bank se allerbelangrikste diens – die tyd wat ons vir jou het – is outomaties daarby ingeskakel. Daarom is ons *4by4* tjekrekening eintlik 'n *4by5*. En daarom verdien dit 10 uit 10!

Vir iemand wat nog tyd het vir jou, skakel jou naaste tak van Boland Bank.

Ons het tyd vir jou.

BOLAND BANK

Wie gaan jy bedank?

US & die nuwe bedeling

deur Prof AH van Wyk

Met die stryking van die ou landsvlag op 26 April 1994, ook voor die Administrasiegebou van ons Universiteit, en die inwerkingtrede van die nuwe Grondwet op 27 April 1994, het 'n nuwe era vir Suid-Afrika aangebreek.

Talle Maties en Oud-Maties het op 27 en 28 April in groot getalle en in 'n gemoedelike atmosfeer hulle plig as landsburgers nagekom deur elk volgens sy of haar oortuiging 'n stem vir die nasionale en die betrokke provinsiale parlemente uit te bring. Hierdie nuwe begin is ook gesimboliseer deur die hysing van die nuwe vlag voor die Administrasiegebou op 29 April, na nog 'n onverwagte tweede openbare vakansiedag. Met groot dankbaarheid kan gesê word dat ons kampus in die verkiesingstyd gekenmerk is deur 'n rustige gees van verdraagsaamheid en samewerking. Die samestelling van die Regering van Nasionale Eenheid op sentrale vlak en van eenheidsregerings in die verskillende provinsies is ook op Stellenbosch met groot belangstelling gevolg. Die Universiteit is by die daaropvolgende inhuldiging van President Mandela en visepresidente De Klerk en Mbeki deur myself en my vrou verteenwoordig.

Die nuwe bedeling en die nuwe politieke rolspelers sal die juridiese, politieke, ekonomiese en sosiale omgewing waarbinne die Universiteit van Stellenbosch sy opdrag moet uitvoer, grondig verander.

Dit plaas ons voor 'n belangrike taak. Ons moet dit wat oor meer as een en 'n kwart eeu van hoër onderwys op Stellenbosch opgebou is, bewaar en versterk. Terselfdertyd moet ons ons opdrag as 'n inklusiewe Afrikaanstalige universiteit, wat na die hoogste gehalte streef, diensbaar maak aan die nuwe Suid-Afrika in die algemeen en aan die Wes-Kaap en ons ander tradisionele voedingsgebiede in die besonder.

Hierdie diensbaarheid kan ons personeel en dosente eerstens bereik deur hulle dagtaak met nog groter ywer aan te pak. Dat hulle ook bereid is om dit te doen, is bewys deur die feit dat hulle in die maand na die verkiesing die verlore akademiese tyd met sukses ingehaal het. Op dié wyse kan ons die opgeleide mense lewer wat ons land so dringend vir sy vinnige vooruitgang benodig.

Tweedens kan ons die Universiteit se opdrag help uitvoer deur ons volle gewig te gooi agter die stappe wat reeds geneem is en nog geneem gaan word om ons diensbaarheid aan die gemeenskap, veral die gedeelte daarvan wat met agterstande te kampe het, uit te bou. Hier dink mens veral aan die akademiese ontwikkelingsprogramme wat die volle steun van die Raad en die Senaat geniet en onder die bekwame leiding van die Viserektor (Akademies) staan. Ook die ondersteuning en begrip van ons Oud-Maties sal in hierdie verband van groot belang wees.

Op die pad vorentoe sal daar voortdurend sorg gedra moet word dat die Universiteit se beleid met die veranderende omgewing, veral op onderwysgebied, rekening hou. Daarom is die Universiteitsbestuur en talle lede van die Universiteitsgemeenskap deurlopend - direk of indirek deur liggame soos die Komitee van Universiteitshoofde - betrokke by gesprekke met die verskillende rolspelers op nasionale en streeksvlak. Die nuwe minister van Onderwys en Opleiding, prof S Bhengu, en verskeie lede van die Wes-Kaapse Uitvoerende Raad het dan ook al amptelike besoeke aan die Universiteit gebring. Uiteraard sal die Universiteit ook sy insette lewer indien daar later, soos verwag word, 'n Kommissie van Ondersoek na die Hoër Onderwys aangestel word. Terselfdertyd word deurgaans aandag gegee aan strategiese kwessies op bv. die finansiële terrein onder leiding van die Viserektor (Bedryf) - en ook op die terrein van personeelontwikkeling waar gekyk word na innoverende moontlikhede om daadwerklike inhoud te gee aan die beleid van gelyke geleenthede en van niediskriminasie, wat reeds in 1992 in die Wet op die Universiteit van Stellenbosch neergelê is.

Met die aanpak van al hierdie inisiatiewe moet rekening gehou word met die bepaling van die nuwe Grondwet wat op 27 April 1994 in werking getree het.

In sy verdeling van bevoegdhede tussen die sentrale regering en die provinsies word universiteits- en technikonopvoeding onder die gesag van die sentrale regering geplaas, maar alle ander opvoeding, sowel as verbandhoudende sake soos gesondheidsdienste, kulturele aangeleenthede en welsyndienste, word aan die provinsies toegedeel. Dit bring mee dat die Universiteit nie net met sy primêre verhouding met die sentrale owerheid rekening sal moet hou nie, maar ook in noue wisselwerking met die Wes-Kaapse en selfs ander provinsiale regerings sal moet staan. In 'n belangrike bepaling skryf die Grondwet in artikel 247 (2) en (3) voor dat die nasionale regering nie die tans bestaande regte, bevoegdhede en werksaamhede van die beheerliggame van universiteite en technikons mag verander nie, tensy dit geskied ingevolge 'n ooreenkoms wat na onderhan-

▷

NUWE BEDELING

delinge te goeder trou en na redelike kennisgewing met daardie universiteit of technikon aangegaan is. Word so 'n ooreenkoms nie bereik nie, mag die nasionale regering wel sulke veranderings deurvoer, maar dan mag belanghebbendes die geldigheid van so 'n verandering ingevolge die Grondwet in die hof toets.

Dit beteken dat 'n beroep gedoen sal kan word op ander bepalings in die Grondwet, maar veral op die sg. fundamentele regte gelys in hoofstuk 3 van die Grondwet ten einde die geldigheid van sulke veranderings in die hof te toets.

Verskeie van hierdie fundamentele regte sou in hierdie verband ter sprake kon kom, bv. die reg op niediskriminasie in artikel 8 (2) en die reg op moedertaalonderwys in artikel 32. Daar is egter veral twee bepalings wat hier van sleutelbelang is: artikel 14 (1), wat "akademiese vryheid aan instellings van hoër onderwys" as deel van die vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en opinie beskerm, en artikel 15 (1), wat die vryheid van wetenskaplike navorsing as deel van die reg op vryheid van uitdrukking beskerm.

Volgens die mening van baie staatsregtelike deskundiges sluit "akademiese vryheid" in artikel 14 nie net die oortuigingsvryheid van die individuele akademikus in nie, maar ook die institusionele outonomie van die universiteit as 'n voorvereiste vir werklike akademiese vryheid. Oor die beveiliging hiervan voel die Universiteit sterk.

Die Universiteit van Stellenbosch het hom deur die jare bewys as 'n dinamiese instelling wat Suid-Afrika op die terrein van die hoër onderwys probeer dien het ooreenkomstig die eise van die tyd. Dit het hy gedoen deur te put uit sy ryke tradisie van akademiese voortreflikheid en bestuursvaardigheid, maar ook deur rekening te hou met die veranderende eise van sy nasionale en internasionale omgewing. Ons streek en land verwag dat Stellenbosch sy volle bydrae moet lewer en die internasionale akademiese gemeenskap wil hom as gelyke vennoot in sy geledere aanvaar.

Ons *kan* in hierdie groot onderneming slaag danksy die gehalte van die Universiteit se mense - dosente, ander personeel, studente en oud-studente. Maar dan moet ons die Stellenbosse leuse in sy volle sin uitleef: Akademiese voortreflikheid as ons bydrae tot die opvoeding en morele vorming van 'n nuwe geslag Suid-Afrikaners - *Pectora roborant cultus recti.*

REKTOR EN VISEKANSELIER

Die Fakulteit Opvoedkunde se betrokkenheid by omgewingsopvoeding is baanbrekerswerk op die gebied van

Opvoeding

vir verantwoordelike

Omgewingsbestuur

'n gemeenskapsdiens- en opvoedingsprojek van die US skakel in by die landwye veldtogte vir die behoorlike bestuur van varswaterbronne. Dit is die Suid-Afrikaanse agentskap van 'n wêreldprojek teen rivierbesoedeling.

Swap (Skole Waterprojek) betrek personeellede en studente van sewe departemente in vier fakulteite - en honderde skoliere uit alle dele van die bevolking. Dr Danie Schreuder van die Departement Didaktiek is die leier van die projek.

Die waterkrisis is een van Suid-Afrika se grootste omgewingskwessies. Riviere se opvanggebiede word al hoe meer deur menslike aktiwiteite bedreig. Noodsaaklike ekonomiese groei en die snel groeiende bevolking vererger die probleem.

Vir toekomstige veilige watervoorsiening aan almal is navorsing, die aktiewe bewaring van opvanggebiede - én natuurlik opvoeding - nodig.

Die Fakulteit Opvoedkunde is sedert 1987 by omgewingsopvoeding betrokke. Oopus (Omgewings-opvoedingsprogram van die US) is toe gestig as 'n afdeling van Senous (Sentrum vir Onderwysontwikkeling, US). Sedert 1988 sluit dié fakulteit omgewingsopvoeding in sy voor- en nagraadse kursusse vir student-onderwysers in. In 1992 is daar met twee uitgebreide nagraadse navorsingsprojekte in dié veld begin, waarvan Swap een

is. Die ander een is die "Ons Gee Om" projek.

Swap fokus op aksie-navorsing en gemeenskapsprobleem-oplossing - wat direk by die beginsels van omgewingsopvoeding aansluit. Die program steun gemeenskappe in hul soeke na oplossings vir plaaslike vraagstukke.

In Suid-Afrika word nou saamgewerk met o.m. Share-Net ('n nie-formele netwerk vir hulpbronontwikkeling), Project Water, SCISA (Science Curriculum Initiative in Southern Africa) en 'n aantal ander bewaringsliggame. Swap het ook bande met Green (Global Rivers Environmental Education Network) wat in Michigan, VSA, gesetel is. Green het Swap as sy Suid-Afrikaanse agentskap aangestel.

Oopus en Swap het verder bande met vier ander SA universiteite asook universiteite in Australië, Suid-Amerika, Brittanje en Kenia. Swap se besondere werkwyse het al groot belangstelling van buitelanders ontlok. Daar is gereelde elektroniese posskakeling met mense tot so ver as Indië en Ysland.

In Suid-Afrika het Oopus belangrike bande gesmee tussen die formele en nie-formele onderwys, gemeenskappe en die privaatsektor. "Dié soort samewerking t.o.v. onderwys word al hoe belangriker in Suid-Afrika," sê dr Schreuder. Nywerhede en die Stellenbosse Munisipaliteit is o.m. by Swap betrek.

Hy sê 'n waterstroom se gehalte weerspieël die sosio-ekonomiese omstandighede en omgewingsbewustheid van gemeenskappe wat op verskillende plekke in die opvanggebiede bly en werk. "Dít geld ook vir Stellenbosch se Eersterivier en sy sytakke - en bied 'n ideale omgewings-gevallestudie, soos Swap." Sewe Stellenbosse hoër skole se leerlinge is by Swap betrek om die Eersterivierstelsel se "gesondheid" te help monitor.

Twee navorsers, me Susan van Zyl en me Ina de Lange, besoek gereeld skole. Die projek het onlangs na ander Weskaapse riviere uitgebrei. Skole op die Kaapse Vlakte skakel nou daarby in en tegnieke wat geskik is vir laerskole word ontwikkel. Dié ontwikkeling is enig in Suid-Afrika. Die projek is gebaseer op 'n aantal eenvoudige maar tog redelik betroubare toetse - so ontwerp dat skoliere dit maklik self kan uitvoer. Na die toetse gedoen is, moet die rivier se opvanggebied ondersoek word om vas te stel waarom die watergehalte afwyk. Dié gegewens word ook verstrek aan Green - waarby talle sulke projekte wêreldwyd ingeskakel is - en die Stellenbosse Munisipaliteit.

Eerstens toets die skoliere die sigbare waterlewe - want sensitiewe waterorganismes kan aandui hoe die betrokke water-ekosisteem versteur is. Vir dié toetse is 'n spesiale "goggaskyf" ontwerp om die leerlinge met identifisering te help. Tweedens word 'n eenvoudige toets uitgevoer om vas te stel tot watter mate die mikroskopiese lewe in die water deur besoedeling beïnvloed is.

Daarna word die water verder ontleed om die watergehalte te bepaal - en toetse word gedoen t.o.v. die chemiese en fisiese faktore van die water. Die Veldwachters- en Plankenbrugriviere - sytakke van die Eersterivier wat deur nywerheids- en dig bewoonde gebiede loop - kry veral aandag. HOD- en ander onderwysstudente neem ook deel aan Swap - en aan ander Oopus-werksaamhede. Departemente in drie ander fakulteite wie se studente inskakel, is Argeologie, Botanie, Geografie, Natuurbewaring, Soölogie en Sosiologie. Oopus en Swap se baanbrekerswerk het al gehelp om bewaringsbewuste skoolgroepe tot in die PWV en KwaZulu/Natal aan te spoor en raad te gee.

Dr Schreuder beskou dit as deel van 'n langtermyn-opvoedingsproses. "As skole op vraagstukke in die onmiddellike omgewing kan fokus, help dit nie net in die stryd teen omgewingsagteruitgang nie - dit betrek ook die andersins onbetrokke gemeenskap. Dit kan 'n teenvoeter wees vir die algemene gevoel van magteloosheid wat die gewone mens ervaar as dit kom by die verbetering van die omgewing."



Willem de Lange (voor) is een van die skoliere wat Swap moontlik maak. Hy moet gereeld die talle toetsstelle soos die een voor in dié foto gereedkry sodat spanne skoliere dit vir hul opnames in riviere en strome kan gebruik. Agter is mev Ina de Lange, 'n Swap-koördineerder, en dr Danie Schreuder, die projekleier van Oopus.

Nederlandse universiteit nooi Rektor as feesspreker

Prof Andreas van Wyk (links voor) toe hy vroeër vanjaar in die Stadshuis van Leuven, België, namens die US 'n samewerkingsooreenkoms met die Katolieke Universiteit van Leuven onderteken het. By hom sit prof K Tavernier, "algemeen beheerder" van die KU Leuven (dit is soortgelyk aan die US se registrateur). Regs agter is prof F Delmartino, hoof van buitelandse betrekkinge van die KU Leuven.

Prof Andreas van Wyk gaan in Junie 1995 die hoofspreker wees by die Rijksuniversiteit van Leiden se luisterryke vyfjaarlikse vieringe en gradeplegtigheid. Hy is genooi om dit in Afrikaans te lewer.

Dit sal dié Nederlandse universiteit se 84ste vyfjaarlikse "Lustrum"-vieringe wees, wanneer hy 420 jaar oud word. Die rektore van 35 van Europa se oudste, tradisierykste universiteite is ook daarheen genooi. Hulle is lede van die Coimbra-groep - vernoem na 'n beroemde Portugese universiteit. Daar sal ook eregrade by dié plegtigheid toegeken word.

Prof Van Wyk is 'n oudstudent van Leiden. Hy het sy doktorsgraad in die regsgeleerdheid daar verwerf. Die US het reeds in 1992 'n akademiese ooreenkoms met die Rijksuniversiteit van Leiden gesluit - waaruit heelwat wedersydse samewerking op fakulteits- en departementele vlak sedertdien voortgevloei het.

Dié universiteit se "Rector Magnificus", prof Lammert Leertouwer, en die voorsitter van die "College van Bestuur," mnr CPCM Oomen, het die uitnodiging vir die feesrede aan prof Van Wyk gerig toe hy Leiden vroeër vanjaar besoek het. Hy was in Europa in verband met samewerkingsooreenkomste tussen die US en verskeie universiteite in Nederland, België, Frankryk en Duitsland.

Die Leidse universiteitsbestuur het prof Van Wyk gevra om sy feesrede daar te wy aan "Praesidium libertatis" - die Rijksuniversiteit van Leiden se Latynse leuse, wat "Die setel van vryheid" beteken. "Ek wil oor breër akademiese vryheid in veranderende omstandighede praat, het prof Van Wyk aan Matieland gesê.

• In Nederland en Vlaandere word daar druk op die regerings uitgeoefen om die kultuurverdrae met Suid-Afrika te hervestig, het prof Van Wyk gesê. Hy het in België 'n akademiese ooreenkoms tussen die US en die Katolieke Universiteit van Leuven onderteken - soortgelyk aan dié met Leiden. Leuven se stadsraad en sy sakekamer het terselfdertyd samewerkingsooreenkomste met hul Stellenbosse suster-organisasies onderteken.

In Frankryk het die Rektor die eerste ooreenkoms tussen 'n Suid-Afrikaanse en 'n Franse universiteit onderteken - vir voorgenome samewerking met die Universiteit van Rennes I in Bretagne, 'n streek wat graag met Wes-Kaapland nouer wil saamwerk.

Prof Van Wyk het ook in Duitsland 'n akademiese ooreenkoms vir die US gesluit - vir voorgenome samewerking met dié land se naasoudste universiteit, Tübingen. (Prof Van Wyk het self vroeër in Duitsland gestudeer - aan die Universiteit van Bonn).

Van Frankryk kan daar vorentoe al hoe nouer samewerking met Suid-Afrika wees, meen prof Van Wyk. Hy het die indruk gekry dat Duitsland eerder by die verwikkelinge in Oos-Europa betrokke is – "maar hulle is tog baie goedgesind teenoor Suid-Afrika en sy akademici."

Mej Annemieke Bartholomeus van Leiden, Nederland, wat in die eerste semester aan die US gestudeer het.

US word lid van oorsese liggame

Die Universiteit is besig om formeel lid te word van drie internasionale universiteitsorganisasies - een vir Afrika-universiteite, een vir die Statebond se universiteite asook 'n oorkoepelende wêreldwye organisasie van universiteite.

Voordat SA universiteite vir aansluiting by die "Association of African Universities" (AAU) genooi is, het dit reeds 111 lede in 39 lande gehad. Dit bestaan sedert 1967. Sy hoofkantoor is in Accra, Ghana. Die organisasie het waarnemerstatus by o.m. die VN en die OAU.

Betrokkenheid by Afrika se ekonomiese herstel is een van die AAU se strewes. Afrika-universiteite se huidige geld- en bestuurskrisisse geniet veral nou die aandag. Oor dié krisisse is die US se Rektor en Visekanselier, prof Andreas van Wyk, bekommerd. Hy was in Maart vanjaar by 'n werkswinkel van die AAU in Benin, Wes-Afrika.

Staatsinmenging in Afrika-universiteite se outonomie het tot 'n verval van infrastrukture en 'n uittog van akademici gelei, sê prof Van Wyk. "Hoë verwagtings word nou van samewerking met Suid-Afrika gekoester, en ons sal uiteraard help waar ons kan. Maar mens moet realisties wees: ons het ons eie onderwysprobleme om op te los."

Samewerking op nagraadse vlak en die uitruil van akademici kan wel wedersydse voordele inhou, meen prof Van Wyk. "Ek voorsien 'n toenemende wisselwerking tussen die US en universiteite in Afrika."

• Die "International Association of Universities" (IAU) is in Parys gesetel. Dit het 'n noue verbintenis met Unesco - die Verenigde Nasies se organisasie vir opvoedings- en wetenskapsbevordering. Prof Van Wyk was by die IAU se 1992-jaarvergadering in Alexandrië, Egipte - toe die Universiteit slegs waarnemerstatus gehad het. Die US is na 1995 se jaarvergadering in Indië genooi.

• Die "Association of Commonwealth Universities" (ACU) is die oudste internasionale universiteitsorganisasie ter wêreld. Voor die SA universiteite se aansluiting was daar reeds 427 lede in 32 Statebondslande. Die meeste van dié universiteite (184) is in Asië, 94 is in Brittanje, Ciprus en Malta, 48 in Kanada en die Karibiese eilande, 55 in Afrika en 46 in Australasië en die Stille Oseaan-gebied. Die ACU bevorder veral samewerking tussen die personeel en studente van die ACU se liduniversiteite. 'n Groot getal studie- en reisbeurse - veral na universiteite in die Verenigde koninkryk - word o.m. beskikbaar gestel. •

Eerste taalstudent uit Leiden hier

Mense wat gedink het Nederlands is in Suid-Afrika in 'n doodloopstraat, vind nou uit dat Afrikaans en Nederlands se gesamentlike pad eerder 'n hoofweg is!

Die Nederlandse Taalunie wil sowat R800 000 bestee om Nederlands in Suid-Afrika te bevorder - onder meer vir dosente- en studente-uitwisseling, 'n tydskrif vir Neerlandistiek, byskolingskursusse, die aanvulling van Nederlandse boeke in universiteitsbiblioteke en twee sentrums vir Neerlandistiek.

Dié toesegging het gespruit uit harde werk om betrekkinge te bevorder. Stellenbosse dosente wat 'n groot rol hierin gespeel het, is drs Dorothea van Zyl en mnr Siegfried Huigen - albei bestuurslede van die nuwe Suider-Afrikaanse Vereeniging vir Neerlandistiek (SAVN). Dit is voorverlede jaar gestig, met sy eie *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* wat binnekort die eerste keer verskyn.

Die US het onlangs 'n nuwe Afrikaanse en Nederlandse M.A.-kursus met 'n oorsese komponent goedgekeur - die eerste in Suid-Afrika. Maties studeer as 'n deel van dié kursus 'n jaar in Leiden. In September vanjaar word mev Zandra Bezuidenhout die eerste Matie wat dié nuwe moontlikheid benut. Sy word in Januarie gevolg deur mnr Jean Jordaan.

Leidse studente handel weer 'n deel van hulle "doctoraalstudie" af op Stellenbosch. Mej. Annemieke Bartholomeus het reeds die afgelope semester 'n honneurskursus in Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde hier gevolg. Volgende jaar kom nog twee Leidse taalkundestudente op Stellenbosch studeer.

Die SAVN/Boswell projek is een van die grootste samewerkingsprojekte tot dusver. Vyftien dosente gaan in Julie na Utrecht om 'n kursus in Nederlandse taal en kultuur te volg. Die Zuidafrikaanse Stichting Moederland in Amsterdam het sowat R100 000 daarvoor bewillig. Die Van Ewijck- en Neerlandia Stigtings het 'n verdere R14 000 vir reiskoste bygedra.

Nege letterkundiges en ses taalkundiges van twaalf universiteite in Suid-Afrika en Namibië is uit 'n groot aantal belangstellendes gekies. Onder hulle is drie Stellenbosse dosente, drr Louise Viljoen en Truida van der Merwe en mnr Etienne Bloemhof. Drs Dorothea van Zyl van die US reël dié projek saam met drs Agaath Pescher van die Boswell Instituut in Utrecht, Nederland. •

Matie-boustene kenmerk

ESKOM se GROOTBAAS

'n Oud-Matie is aan die stuur van Afrika se energiereus, Eskom - met meer as 40 000 werknemers en R45,6 biljoen se bates. Leonore van der Walt skryf oor ALLEN MORGAN:

"Die Universiteit van Stellenbosch het vir my drie dinge geleer: nederigheid, verdraagsaamheid, spanbou." Aan die woord is Eskom se Hoof Uitvoerende Beampte, Allen John Morgan - die jongste in die maatskappy se geskiedenis. Op 23 Junie het hy 47 jaar oud geword.

Dié boustene wat by Maties gelê is, is vandag nog van Allen se uitstaande kenmerke. Sy opgang in Eskom was meteories. Van 1981 toe hy bestuurder: distribusie op Worcester was, 'n middelbestuurspos, het hy geklim na die hoogste pos in Eskom toe hy aan die begin van Maart vanjaar die Hoof Uitvoerende Beampte se stoel ingeneem het.

Dit maak Allen in beheer van R45 632 miljoen se bates en uitvoerende hoof van 40 128 mense. Geen maklike taak nie.

Net 'n gewone mens

Om met dié man te gesels, is 'n belewenis. Hy is rustig, sonder 'n sweem van gejaagdheid. Hoe steek hy die geweldige druk waaronder hy moet wees heeltemal weg?

Die vraag moes gevra word. Hy is een van die topsakemanne in die land, een van die jongstes in so 'n pos. Hy is niks hoogdrawend nie; niks uit die hoogte nie. Hy klink nie eens belangrik nie. Hy klink soos 'n *gewone mens*. Hoe kry hy dit reg? Wil hy so bly?

"Ek is net 'n gewone mens. 'n Gewone mens wat baie geleenthede gehad het en dit gebruik het."

Ons loop die pad terug na Maties waar hy in die Elektriese Ingenieurswese gestudeer het. Hy wou eintlik in 'n B.Comm.-rigting in, maar sy pa, wat net tot standerd vyf kon skoolgaan voor hy moes gaan werk - ook by Eskom - wou sy lewe lank ingenieurswese swot. Hy kon nie. Dit het Allen beïnvloed.

Min het hy toe geweet dat hy eendag sy pa, die man wat hy beskou as die grootste invloed op sy persoonlike vorming, se baas sou wees. Dit was op Worcester toe sy pa senior distrik toesighouer was. Hy het vir sy pa gevra of dit vir hom 'n probleem sou wees om vir sy seun te werk. Sy pa se antwoord was: "Dit sal vir my 'n eer wees."

En Maties? Wat onthou hy van Maties?

Die gees, die wonderlike gees. En die akkerbome. En Coetzenburg se rugby.

En sy prof. "Die kennis wat ek daar opgedoen het, kon ek by 'n ander universiteit ook leer. Maar daar is net een kampus soos Maties s'n. Miskien omdat alles so naby aan mekaar is, dit so 'n geslote studente gemeen-

skap is, elke student so 'n déél van die Universiteit is."

En in die persoon van prof Hanno Reuter het Allen 'n mentor gehad. "Hy was 'n besonderse mens, hy het baie met ons gepraat. Ons was maar ses studente in die finale jaar en 'n wysheid wat hy ons geleer het, sal ek nie vergeet nie: *As jy nie self die antwoord het nie, maak 'n punt daarvan om uit te vind wie het.*"

Die drie B's

Daar is nog iets van Maties wat hy onthou. Dit kom na die vraag: "Jy was sekerlik 'n voorbeeldige en hardwerkende student. Was jy *net* dit?"

Daar was die drie B's ook, kom dit met 'n laggie. Nie een van hulle is 'n "B" van Boeke nie, maar staan vir Brug, Bier en "Bunk" (klasse afvat). Hy was volwaardig student - maar hy het die goeie balans behou. Vandag nog glo hy daaraan: "Hou albei voete op die grond - dis die beste manier om jou balans te behou."

Allen Morgan...

"Ek is net 'n gewone mens. 'n Gewone mens wat baie geleenthede gehad het en dit gebruik het."

Hoekom is hy nou juis Maties toe? Ma Joan het die antwoord. "Allen het 'n Eskombeurs gekry en die beste universiteit waaraan ons kon dink, was die Universiteit van Stellenbosch."

Allen is die tweede oudste van sewe kinders, 'n boorling van die Kaap en 'n plattelandse seun. Hy was die hoofseun van De Villiers Graaff Hoërskool op Villiersdorp. Die plattelandse omgewing het kennelik sy invloed gelaat. Nou nog, as hy wil "afskakel", wil ontspan, doen hy dit die beste in doodse stilste, sê hy.

Sy vrou, Paula, die enigste Afrikaanse eggenoot van die sewe kinders - hulle huistaal is ook Afrikaans - is soos Allen, 'n Kapenaar in murg en been. Gebore in die destydse Suidwes-Afrika, het sy aan Bloemhof Hoër Meisieskool haar skoolloopbaan voltooi. En soos dit nou maar met die meeste Kapenaars aan die verkeerde kant van die Hexrivier gesteld is, hulle kom terug Kaap toe, eendag.

Xhosas se 'Koning'

Allen het 'n ander onderskeiding behaal waarmee min blankes kan spog. Daar is 'n groepie Xhosa manne uit die Transkei wat hom as hulle "Koning" gedoop het - die hoogste eer wat dié swart mense aan hom kon betoon. In die laat sewentigerjare toe hy konstruksie superintendent was, het hy saam met die manne "lyne uitgesteek". Allen is uitstekend met name en die plekke waar die name moet inpas, vertel een van sy kollegas. Hy het sy Xhosa kollegas by die naam geken. Elke keer wanneer hy besoek aflê aan die Kaap, gaan soek hy die manne op, daar op terrein. Hy ken hulle steeds by die naam en hy onthou van elkeen iets spesiaal.

Dit is hoekom hy so 'n geweldige aanhang onder Eskomiete het. Sy menslikheid, sy voete so op die aarde. Hy is 'n luistermens, 'n dinkmens, maar veral 'n mens-mens. Hy luister na wat jy sê, dit maak nie saak of jy 'n algemene werker is, of 'n top-vakbondman nie, of 'n hooggeplaaste politikus. Hy luister eers, hy dink voor hy antwoord.

En dit is die moeite werd om na hom te luister, vertel 'n kollega. Hy is 'n rolmodel vir sy mense - hy word soms woedend, maar net dié wat hom baie goed ken, weet dit. Hy wys niks. Eers as dit situasie onder beheer is, gaan blaas hy af - op 'n ander plek.

"En hy is 'n ware Christen en hy leef dit prakties uit."

Moet hom net nie onderskat nie, vertel een van sy vorige sekretaresses. Hy is nie bang om jou vas te vat as jy skeef trap nie, maar hy kom jou persoon nie te na nie.

Miskien is die beste beskrywing van Eskom se Hoof Uitvoerende Beampte dít wat 'n ander kollega van hom gesê het: "Dit is baie moeilik om Allen te beskryf. Daar is niks uitstaande aan hom nie, behalwe dat hy in alles wat hy doen, die beste doen."

Allen en Paula het drie kinders, Edwin, Joanne en Stephen. Edwin is vanjaar in matriek en gaan aanstaande jaar B.Rek. studeer.

Aan die Universiteit van Stellenbosch.

Natuurlik.

Niks uitstaande nie - net in alles wat hy doen die beste

Kunstenaar trek aandag oorsee

Paul Emsley, 'n dosent by Beeldende Kunste, is nie net een van Suid-Afrika se voorste eksponente van die tekenkuns nie - hy maak nou ook vinnig naam in die buiteland.



Met sy vingerpunte doen Paul Emsley die afrondingswerk aan 'n kryttekening van 'n bul - een van sy kenmerkende onderwerpe.

Die Britse topgalery Redfern in Londen het vroeg vanjaar 'n maandlange solo-uitstalling van sy werk aangebied. Kort na dié eer was sy tweede - en ewe geslaagde - buitelandse solo-uitstalling in Houston, Texas.

Nou stel Amerikaanse galerye in New York en San Francisco asook galerye in Duitsland, Finland en ander plekke belang. Die Redfern wil teen einde 1995 weer 'n uitstalling van hom hou. "Daar is skielik geweldig baie moontlikhede," vertel Emsley.

Dit het alles in 1991 begin nadat 'n Britse besoeker van Paul se werke in Kaapstad gekoop en in Londen gaan wys het. Die Marlborough, 'n topgalery daar, het belang gestel. Paul het in sy langverlof 'n portefeulje van 60 werke voltooi en self soontoe geneem. Maar hy is weggewys. Daar was skielik 'n groot insinking in die internasionale kunsmark. In Londen het galerye oral gesluit.

Die moedelose Stellenbosser is na die Redfern verwys - een van die min galerye wat steeds goed gevaar het. Tot sy uiterste verbasing het die Redfern al 60 werke aanvaar en in groeptentoonstellings ingesluit. Verlede jaar is hy toe ook vir vanjaar se solo-uitstalling genooi.

Vir Paul Emsley is teken "die moeilikste ding wat daar is... 'n uitdaging - 'n duidelike en sigbare toets vir 'n mens se vermoëns." Hy het baie respek vir die groot Westerse figuurskilders soos Velasquez, Rembrandt, Goya en Degas. Daarom streef hy na 'n kunsvorm wat - verby die kunswêreld se beperkinge - verstaanbaar is.

"Dit is jammer as kuns afgesny raak van die samelewing; as talle intelligente mense nie meer aansluiting daarby vind nie."

Hy meen daar moet ná die afgelope eeu of meer se ontwikkeling na abstrakter kunsstrominge nou op 'n vars, nuwe manier na die ou tradisies gekyk word - "om dit in 'n kontemporêre vorm te laat herleef."

Paul is sedert 1983 aan die Departement Beeldende Kunste verbonde. Hy doseer tekenkuns - wat volgens hom te dikwels in hedendaagse kunsopleiding afgeskeep word. Sy kryttekeninge word meestal in fyn tegnieke op papier gedoen. Sy vingerpunte sorg vir baie van die afronding - die enigste manier waarop hy die egalige, delikate gevoel wat hy wil oordra, kan uitbeeld.

In die katalogus van sy Londen-uitstalling vanjaar skryf hy: "Constant drawing from the world around me has taught me the deep significance of even the most ordinary forms. Through observing the movement of light and shadow over forms such as the human figure, animals, landscapes, shells, seeds and flowers I have discovered the importance of shadow as a reminder of the transient nature of life. The mysterious way in which form disappears into shadow has become, for me, a metaphor for the enigmas of life."

Hy teken "nie net wat ek sien nie, maar ook wat ek wens ek gesien het."

Paul Emsley is in 1947 in Skotland gebore. Sy ouers kom in 1949 Suid-Afrika toe en hy word in "'n baie Skotse" ouerhuis in Kaapstad se suidelike voorstede groot - "met verf en esels", want sy ouers was albei kunstenaars. Sy pa, wyle Jock Emsley, was 'n handelskunstenaar en skilder.

Paul is as grafiese ontwerper opgelei - maar is self-opgelei in die teken- en skilderkuns. Voor sy aanstelling op Stellenbosch was hy skeppende direkteur van 'n internasionale agentskap in Kaapstad, dosent aan die Kaapse Technikon en Ruth Prowse-kunsskool en het hy 'n tyd lank in Engeland gaan woon.

In Suid-Afrika is hy reeds 'n gevierde skilder. Van sy werk is onder meer in die Nasionale Kunsmuseum, Johannesburgse Kunsmuseum en universiteitsversamelings. In 1987 en 1991 het hy pryse in van die voorste tekenkompetisies in die land gewen.

Sy twee oudste kinders, Margaret-Anne en Alex, studeer albei as Maties in die beeldende kunste en hul suster, Katherine, gaan hul voorbeeld volg. Hy en sy vrou, Susan, het 'n jonger dogter Elizabeth, en Susan het twee kinders uit 'n vorige huwelik, Faneau en Marie.

Susan - sy was 'n nooi Marais - is 'n eertydse Matiekarnavalkoningin. Saam met Paul se Stellenbosse verblyf het sy van hom 'n "Skotse Afrikaner" gemaak wat ewe maklik in Engels en Afrikaans kommunikeer. Hulle huistaal is Afrikaans. Susan het nie beeldende kunste gestudeer nie, maar skilder, weef en doen keramiekwerk - "en sy's eintlik 'n 'lewenskunstenaar'. Sy speel 'n sleutelrol in my kunsloopbaan, want sy skep die rustige, gelukkige, ondersteunende gesinsagtergrond wat ek as kunstenaar nodig het."

Die enigste resep vir sukses in die kunswêreld is "99% harde werk". Hy glo beslis nie in 'n eksentrieke en boheemse lewenstyl as vereiste vir goeie kunstenaarskap nie. •

Universiteitskoor besoek die noorde

Oud-Maties in die noorde kry binnekort weer die geleentheid om die Universiteitskoor te hoor. Die koor neem einde September aan die Kuesta Universiteitskoorfees op Potchefstroom deel - en gee daarna uitvoerings in Pretoria en Bloemfontein.

Lede van die Stellenbosse Universiteitskoor met hul dirigent, Sonja van der Walt.

Dit sal die koor se eerste optrede noord van die Vaalrivier in vier jaar wees. Die koor sal ook vir die eerste keer in die Staatsteater in Pretoria optree. Dié uitvoering is om 15:30 op Sondagmiddag 2 Oktober. Plekbesprekings open twee weke voor die tyd by Computicket.

Op Maandagaand 3 Oktober sing die Maties in die Sand du Plessis Teater in Bloemfontein - vir die eerste keer sedert 1991. Plekke kan by die teater bespreek word en kaartjies is ook daardie aand by die deur beskikbaar.

Die koor - wat in 1996 sy sestigste verjaardag vier - het nou 67 lede. Hulle komende besoek aan die noorde bied aan oudkoorlede en ander Oud-Maties die eerste geleentheid om die koor onder leiding van sy nuwe dirigent te hoor. Sy is Sonja van der Walt, wat die dirigentskap in April verlede jaar by Acáma Fick oorgeneem het. •

Drama **blink uit** op toneelweek

Die Departement Drama het weer vanjaar 'n belangrike bydrae gelewer tot die bevordering van Afrikaanse toneel toe hulle nie minder nie as drie stukke by die ATKV se jaarlikse Kampustoneelweek aangebied het

Dié toneelfees - wat jaarliks in Pretoria gehou word - is nie 'n kompetisie nie. Dit word gehou om Afrikaanse toneelskrywers aan te moedig om nuwe tekste vir die verhoog te skryf. Die dramadepartemente van die verskillende Suid-Afrikaanse universiteite voer dan dié tekste by Kampustoneel op sodat die meriete daarvan vir die beroepsverhoog beoordeel kan word.

Die Kampustoneelweek is vanjaar die tiende keer gehou. Drie van die 17 produksies wat aangebied is, was die werk van Stellenbosch se Departement Drama.

Vir die hooffees het die Maties *Die Vampier*, 'n nuwe teks van Charles Fryer, in Truk se Arenateater op die planke gebring. Vir die soomfees is 'n Hennie Aucamp-kabaret, *Wie gryp kry 'n handvol*, sowel as 'n poppekabaret opgevoer.

Die regisseur van *Die Vampier*, Johan Esterhuizen van die US se Dramadepartement, vertel dat hy, Charles Fryer en Herman Pretorius, hoof van die Departement Drama, in hulle studentedae op Stellenbosch tydgenote was. Charles Fryer het destyds reeds die stuk oor vampiere geskryf en Johan en Herman het hom gevra om 'n nuwe stuk met dieselfde tema vir Kampustoneel te skryf.

Na die opvoering van elk van die verhoogstukke, word dit indringend deur die publiek, toneelkundiges en studente bespreek. So word daar terugvoer aan die skrywers gegee sodat hulle die tekste kan aanpas of verbeter voor dit op die beroepsverhoog opgevoer word.

Hoewel daar aan die gehore gevra word om nie na die spel of regié van stukke te verwys nie, maar op die teks te konsentreer, is daar vanjaar tog van die besondere werk van Stellenbosch se studente-akteurs melding gemaak.

Chris Vorster het die rol van die vampier, Damon Quick, vertolk. Daar is ook verwys na die goeie vertolkings van Franci Swanepoel in die rol van Marion Meissner en Marianne Stander in die rol van Rahila Orlanski, die aktrise in *Die Vampier*. Daar is ook allerweë erkenning gegee aan die hoë gehalte van die kabarette wat die Departement Drama in die afgelope jare op die planke gebring het. Mark Graham was die regisseur van vanjaar se Toneelfees-kabaret, *Wie gryp kry 'n handvol*. Die skrywer daarvan, prof Hennie Aucamp, het verlede jaar as US-dosent afgetree.

Chris Vorster (as die vampier) en Suzanne Smith in 'n toneel uit Oud-Matie Charles Fryer se nuwe werk, Die Vampier - *een van die Departement Drama se drie produksies by die Kampustoneelweek.*

US eerste met uitstalling uit Londen

Foto: Antonie Carstens

Mev Simone Lurçat, weduwee van die kunstenaar Jean Lurçat, by die opening van die tapisserie-uitstalling in die Sasol Kunsmuseum. Sy het spesiaal vir dié geleentheid Suid-Afrika toe gekom.

Huldeblyk aan vader van moderne tapisseriekuns

Die Sasol Kunsmuseum op die kampus het die Suid-Afrikaanse openingsuitstalling aangebied van 'n keurversameling van 25 reuse-tapisserieë - deur die Peter Stuyvesant Stigting uit Londen hierheen gebring om vir twee jaar in al die groot sentra in die land vertoon te word.

Dit is 'n 100-jarige huldeblyk aan die Franse kunstenaar Jean Lurçat - vader van die moderne tapisseriekuns, wat voorverlede jaar 'n eeu gelede gebore is. Hy is in 1966 oorlede.

Die kunstenaar se weduwee, mev Simone Lurçat, het spesiaal Suid-Afrika toe gekom om die openingsuitstalling op Stellenbosch by te woon. Sy het gesê die tapisseriekuns het in die 12de eeu in Frankryk ontstaan en gebloei totdat dit vroeg in die huidige eeu begin kwyn het. Sedert die jare veertig het haar man dié kunsvorm laat herleef - in Frankryk, die res van Europa en wêreldwyd. Die Franse kultuurattaché, mnr Laurent Deveze, wat die uitstalling geopen het, het gesê dit is gepas dat dié kunswerke in Suid-Afrika vertoon word, waar die sonlig en eindelose kleurespel van die landskap Luréat se tapisserieë volkome tot hul reg laat kom.

'n Uitstalling soortgelyk aan dié een word vanjaar in Argentinië aangebied. Dit is maar die derde keer dat 'n uitstalling van moderne tapisseriekuns Suid-Afrika toe gebring is. Net vyf van die 25 werke op die huidige uitstalling was voorheen hier te sien - met 'n uitstalling in 1969, wat ook by die US aangebied is. •

KUNSMUSEUM VEREER GREGOIRE

Gregoire Boonzaier (regs) met die opening van die Universiteit se huldigingsuitstalling van sy werk. By hom is prof Muller Ballot, direkteur van die Kunsmuseum, mev Marie Boonzaier, vrou van die kunstenaar, en mev Titia Ballot.

Kort voor Gregoire Boonzaier se 85ste verjaardag op 31 Julie het die Sasol Kunsmuseum dié gevierde Kaapse kunstenaar vereer met 'n uitstalling van 100 van sy werke - alles uit sy familie se privaatversamelings.

Dit was sy 105de solo-uitstalling sedert 1928 en die agste aan die Universiteit. Sy vierde solo-uitstalling - die eerste een buite sy geboortestad, Kaapstad - was in 1930 aan die Universiteit. Die mees onlangse werk op die uitstalling was 'n selfportret wat Gregoire vroeër vanjaar geskilder het - een van 14 selfportrette op die uitstalling. Hy het die Universiteit vir dié geleentheid bedank - en veral vir prof Muller Ballot, direkteur van die Kunsmuseum, wat hom genader het om die werke "hier uit te stal in wat ongetwyfeld beskou kan word as een van die eersterangse museums in Suid-Afrika."

Prof Ballot - wat die uitstalling geopen het, het gesê dit was 'n "geleentheid om opnuut te bevestig dat en hoe Gregoire die posisie waardig is om as een van die belangrikste baanbrekers van die sogenaamde moderne kuns in Suid-Afrika bekend te staan." •



UNIVERSITY ENGINEERS, TRANSPORT ECONOMISTS ARE ACTIVE IN **TRANSPORT RESEARCH**

Researchers at the University play a major role in the Southern Transportation Research Centre (STRC) - a Western Cape consortium that has been recognised by the Department of Transport as a Centre of Excellence in Transportation. The centre was the first to be designated an "A category unit" by the Department of Transport. Prof Fred Hugo of the Department of Civil Engineering is the centre's director. His two associate directors are Prof Wessel Pienaar of the Transport Research Centre (TRC) in the Commerce Faculty and Prof Christo Bester of the Institute for Transport Technology (ITT) in the Engineering Faculty.

Researchers at the Peninsula Technikon and at the Cape Technikon are the other participants in the STRC.

Three thrust areas of research have been defined for the centre, including:

- Pavement Design, Construction and Management
- Transport Economic Planning and Transport Logistics
- Transport and Land Use Planning and related Transport Operations and Safety

These have been carefully selected to relate directly to the fields of expertise of the researchers within the centre as well as meeting the needs of the Department of Transport and the nation at large.

Knowledge to keep the wheels rolling

The ITT is responsible for the centre's first programme which is focused on developing interest in Transportation among high school pupils. It is well known that the South African society at large is not technically orientated and that local educational institutions produce a much smaller proportion of technologically skilled people than many other countries.

Since economic development depends very much on technology, it is important to transform society towards a technology base.

One of the university transportation centres in the United States has developed a unique programme to stimulate high school pupils to enter the field of Transport. This programme - known as TRAC (Transportation and Civil Engineering Career Centers) - is highly successful. It includes a portable kit with a computer and hardware

to perform 26 different scientific and engineering experiments.

The ITT was recently appointed as the first centre to implement the TRAC educational programme outside the United States - serving the whole of South Africa.

Some of the interesting TRAC experiments include investigation of vehicle speed, yellow traffic light problems, vehicle pollution, toll plazas, traffic congestion and magnetic propulsion.

The second part of the STRC programme will be a major thrust for developing internships and assistantships within the participating units of the centre. These will serve as a basis for the professional development of graduates from universities and technikons through research in Transport Engineering and Transport Economics. The programme will link into existing undergraduate courses which are being taught at the tertiary educational institutions in the region.

The success of the graduate programme in Transport is being demonstrated by an increase in postgraduate students, both in transport engineering and in transport economics, since 1981.

Transport economics forms a substantial and essential part of the programme. In this regard the TRC is the focal point of the Department of Transport Economics at the University. It has demonstrated its contribution to this field very clearly, with as many as 18 master's degree students and two doctoral students since 1991. The TRC's director, Prof Wessel Pienaar, has had wide ranging practical experience apart from his academic background and he serves as a very strong guide for the programme.

There has also been a natural development towards transport research co-operation with in the region. Spearheading this was the establishment of the Association of Southern Institutions of Technology (ASIT), formed in 1991 as a forum for association between the technological educational institutions in the region.

Another form of interaction was through bilateral ties between specific departments at the educational institutions. Technikon students have participated in research programmes of the University and faculty members from Stellenbosch have served as external examiners at the technikons. This is particularly important since academic interaction between SA technikons and universities has become more structured, but also more flexible, recently.

A major thrust for the interaction with the industry is the Southern African Bitumen and Tar Association (SABITA) sponsored Chair in Asphalt and Pavement Technology at the University of Stellenbosch. This has recognised the broad base of research in the field of pavement engineering at the University. It was also established as the national focal point for technology transfer in this field.

During the last twelve years the Division of Geotechnics, Technology Management and Transport in the Faculty of Civil Engineering at Stellenbosch has actively pursued international linkages with educators and researchers in the field of transportation.

Representatives of a wide range of fields of speciality from ten countries have acted as visiting faculty members to present courses and enhance technology transfer. In the same vein members of the Faculty have visited institutions abroad and established ties.

Prof Hugo is a research fellow of the Center for Transportation Research at the University of Texas at Austin. A formal bilateral agreement has been signed between that university and the University of Stellenbosch. •

FOTO: THE ARGUS

29-jarige swamkenner kry SNO-Presidentstoekenning

PRESTEERDER MET DIE MIKROSKOOP

Dr Pedro Crous, 'n senior lektor in Plantpatologie wat as mikoloog (swamkundige) op 29-jarige ouderdom reeds internasionale erkenning geniet, is die Universiteit se nuutste ontvanger van die gesogte SNO-Presidentstoekenning.

Dié toekenning van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) gaan aan navorsers jonger as 35 jaar met 'n bewese navorsingsrekord en internasionale aansien. Die SNO gebruik 'n internasionale paneel erkende navorsers in die spesifieke navorsingsveld om die aansoek te evalueer. Dr Crous kry vir vier jaar aansienlike finansiële navorsingsteun - vir bykomende navorsingsposte, om duur apparaat te koop, vir buitelandse studiereise en om konferensies daar by te woon. Hy sal dit ook gebruik vir beurse aan nagraadse studente wat by sy navorsingsprogram inskakel.

In die afgelope wintervakansie was hy op 'n navorsingsbesoek na Kanada en het toe ook vier kongresse in Noord-Amerika en Europa bywoon. Hy het eers BSc in Bosbou op Maties behaal maar soveel in mikologie belanggestel dat hy binne drie jaar al die Plantpatologie-kursusse aangevul het én MSc Agric in Plantpatologie met lof verwerf het!

In 1992 het hy PhD Agric aan die UOVS behaal. Hy is 'n US-dosent sedert 1991 en doseer verskeie vakkursusse in mikologie - waarvan een slegs hier aangebied word. As internasionaal erkende mikoloog werk hy nou saam met medenavorsers in Noord- en Suid-Amerika, Australië, Brittanje en Europa. Sy navorsingsveld begeester hom so dat hy selfs met sy diensplig nie sonder sy geliefde mikroskoop en swamme wou wees nie. Hy het plan gemaak, toestemming ontvang om 'n mikroskoop te leen - en was waarskynlik die enigste diensplichtige wat swamkunde tydens sy basiese opleiding beoefen het.

Swamme kan dalk help met siektes wat die mensdom teister

Pedro Crous presteer egter nie net agter die mikroskoop nie. Hy het as Matie in 1987-'88 provinsiale kleure in branderroei verwerf. In 1987 het hy 'n tweede plek by die SAU-byeenkoms behaal en was hy elfde op 'n internasionale byeenkoms waaraan Amerika, Engeland en Australië onder meer deelgeneem het. Hy was ook die Maties se branderroeikaptein en -klubvoorsitter.

Dr Crous koördineer die Universiteit se Kleingraan-Biotegnologiegroep wat in die swamsiektes van kleingrane in die Winterreënstreek spesialiseer.

Navorsers van die departemente Plantpatologie, Mikrobiologie en Genetika probeer hiermee om deur 'n geïntegreerde navorsingsbenadering duursame weerstand teen swamsiektes in kleingrane te bewerkstellig - veral om volhoubare landbou te bevorder.

Maar swamme is nie net nadelig nie. Die swamkoninkryk bevat ook waardevolle organismes met voordele vir die farmaseutiese en ander bedrywe, sê dr Crous. Hy wys daarop dat swamme deur *penicilien* (wat bakterieë inhibeer) en *cyclosporien* (vir orgaanoorplanting) reeds duisende lewens gered het.

"Net vyf persent van die wêreld se swamme is bekend - en dis nie vergesog nie om te voorspel dat die swamkoninkryk dalk die sleutel inhou tot die oplossing van baie siektes wat nou die mensdom teister," meen dr Crous. •



Soöloë gaande oor primitiewe vonds

Dr Le Fras Mouton met een van die swart akkedisse wat hy in die Hottentots-Hollandberge ontdek het.

Navorsers van die Departement Soölogie is baie opgewonde oor 'n swart akkedissoort wat een van hulle hoog bo-op die Hottentots-Hollandberge ontdek het. Dié akkedisse het primitiewe kenmerke en behoort dus baie inligting te kan voorsien oor kransakkedisse, die familie waarvan hulle deel is.

Dr Le Fras Mouton, kurator van die departement se Ellerman Museum, het op die swart akkedissoort afgekom toe hy op 'n afgeleë plek hoog in die berge bokant Somerset-Wes twee ander swart akkedissoorte - waarvan hy een in 1985 daar ontdek het - gaan bestudeer het.

Hy was saam met 'n kollega, dr Willem Sirgel, wat swart slaksoorte uit dieselfde omgewing bestudeer.

Dr Mouton was al dikwels op dié plek en kan nie begryp dat hy nie eerder al op die "nuwe" akkedis afgekom het nie. Nadat hy die eerste een ontdek het, het hy met dieselfde besoek nog van dié soort daar gekry.

Oppervlakkig lyk die "nuwe" en een van die ander swart soorte akkedisse baie na mekaar. Hulle behoort albei tot die genus *Pseudocordylus* of kransakkedisse. "Die nuutste ontdekking het egter primitiewe kenmerke wat hulle vir ons as navorsers besonder interessant maak, sê dr Mouton.

Dr Hannes van Wyk, ook van die Departement Soölogie, doen navorsing oor voortplantingstrategieë en die verskillende soorte velkliere wat by dié akkedisse voorkom en is ook baie opgewonde oor die nuutste vonds. Hy glo dit kan antwoorde verskaf op baie vrae wat in dié verband bestaan.

Vir 'n kransakkedis is die nuwe vonds baie klein. Hulle melanisme (swart kleur) is kenmerkend van baie diere wat op dié plek in die berge voorkom. Naas die drie soorte swart akkedisse kom daar volgens dr Sirgel ook minstens drie melanistiese slakspesies voor.

Dit is skokkend hoe min kennis daar bestaan van die diertjies in Wes-Kaapland se berge

"Die swart kleur is 'n aanpassing by die mistoestande wat dikwels hoog bo-op die Hottentots-Hollandberge heers. Die berge is vir lang tye in 'n wolkbedekking gehul - veral as die suidoostewind waai. Omdat die diere almal ektoterme (dit is 'koudbloedig') is, help die swart kleur hulle waarskynlik om in mistige of reënerige toestande hitte te absorbeer," sê dr Mouton. Hy het besluit om sy nuutste fonds 'n naam te gee wat letterlik beteken "die akkedis wat in die wolke leef."

Volgens dié groep navorsers aan die Universiteit vestig hierdie ontdekking nie net opnuut die aandag op die unieke fauna van die Hottentots-Hollandberge nie, maar ook op die gebrekkige kennis van die fauna van Wes-Kaapland se berge in die algemeen.

Dr Sirgel het die afgelope klompie jare byvoorbeeld reeds vier nuwe slakspesies en twee nuwe parasitiese protosoonspesies vanaf dié spesifieke plek op die berge ▷

Die berge is soos 'n liasseerkabinet wat primitiewe spesies bewaar

beskryf. Twee van die slakspesies is naakte slakke wat die mees primitiewe kenmerke vertoon in die familie waartoe hulle behoort. Naverwante spesies van hierdie twee slakke kom in die Himalayagebergtes in Indië voor, wat 'n aanduiding is van die ouderdom van die groep en lig werp op die eertydse Gondwanaverbinding tussen die kontinente.

Die twee nuwe skulpslakke wat dr Sirgel vanaf dié plek beskryf het, vertoon baie primitiewe voortplantingsgedrag. Toe hy dit bekend gemaak het, was oorsese navorsers gaande daaroor. Intussen is hierdie gedrag ook by slakke in Rusland uitgeken. Dr Sirgel het onlangs op dieselfde plek in die berge 'n nuwe parasitiese wurm ontdek wat die eerste lid van die spesifieke familie is wat in Suid-Afrika gevind is. Die groep wurms was voorheen slegs bekend vanaf Algerië, die VSA en Asië.

Vroeër vanjaar was prof Bertus Meyer van die US se Departement Entomologie en Nematologie saam met dr Sirgel na dié plek in die berge en het daar 'n nuwe aalwurmspesie ontdek. 'n Waarskynlike naverwante vorm daarvan kom in die misgordel op die berg Kenia voor. Dr Mouton het ook 'n paar jaar gelede 'n nuwe gordelakkedis vanaf die einste plek beskryf.

Volgens die US-navorsers kan die Hottentots-Hollandberge met 'n liasseerkabinet vergelyk word deurdat klein bevolkings van primitiewe spesies wat elders al uitgesterf het, hier behoue gebly het. Hulle meen dit is skokkend hoe min kennis daar bestaan van die laer werweldiere en die ongewerweldes van Wes-Kaapland se berge - en dat iets daadwerkliks gedoen moet word om dié situasie te verbeter.

Uit 'n bewaringsoogpunt is hulle ook diep bekommerd oor die voortbestaan van hierdie klein geïsoleerde populasies aangesien hulle maklik uitgewis kan word, byvoorbeeld deur onoordeelkundige brande.

Dit is belangrik dat omvangryke opnames in die berge gedoen word om te bepaal of dié unieke spesies nie dalk wyer verspreidings het nie en ook om die fauna van die berge vollediger te beskryf.

Daar bestaan 'n baie goeie verstandhouding tussen die Universiteit en die Kaaplandse Departement van Natuurbewaring wat nog altyd baie tegemoetkomend was met permitte om in die gebied te werk.

Die US-navorsers beplan om oor 'n langtermyn aksieplan indringende samesprekings met Natuurbewaring te voer. Hulle hoop ook om fondse uit die privaatsektor te verky om verdere opnames te finansier. •

Spanpoging sorg vir groot besparing



Studente en personeel van die Departement Meganiese Ingenieurswese en van Sentrale Meganiese Dienste (SMD) het drie enjin-toetsbanke wat meer as R2 miljoen werd is, opgebou teen 'n breukdeel van wat nuwes soos gekos het. Dit vergelyk nou met die bestes ter wêreld.

SMD spesialiseer in die herstel en opgradering van verouderde toerusting asook die vervaardiging van nuwe toerusting.

Dr Andrew Taylor (links op dié foto) van die Departement Meganiese Ingenieurswese en mnr Jos Weerdenburg van SMD is hier by een van die drie enjin-toetsbanke wat binne 18 maande in 'n spanpoging deur SMD en die Departement Meganiese Ingenieurswese ontwerp en gebou is. Dié toetsbank bestaan uit 'n Fronde EC38-enjin dinamometer - herbou deur SMD - en 'n ADE 364T-enjin. Atlantis Diesel Enjins (ADE) het die dinamometer en die enjin geskenk.

Skenkings van ADE en steun van die Universiteit se Stellenbosch 2000-fonds het die vestiging van al drie die enjin-toetsbanke moontlik gemaak.

Die toetsbanke word vir studente-opleiding gebruik - én vir navorsing oor binnebrandenjins, brandstouwe, smeermiddels en voertuigverwante ingenieursontleding.

Satellietskote

van die aarde daagliks op rekenaar te kry



Mnr Le Roux Malan op die dak van die Elektriese en Elektroniese Ingenieurswesegebou by die antenne waarmee weerfoto's ontvang word van die satelliet wat 38 000 km bokant die aarde wentel.

Sentrale Elektroniese Dienste (SED) by die US het toerusting verkry waarmee foto's van die aarde direk van die Meteosat-satelliet 38 000 km bo die aarde ontvang, gestoor en aan navorsers en ander beskikbaar gestel word. Dit is een van slegs enkele plekke in die land wat dié diens kan aanbied.

Die ruimtetuig - wat bokant die ewenaar geplaas is - neem gereeld met verskeie kameras foto's van die aarde - dieselfde foto's wat daagliks in die weervoorspellings op televisie te sien is. SED stoor die foto's en vandaar kan enige personeellid wat toegang het tot die Universiteit se rekenaarnetwerk, dit oproep. Vir gebruikers buite die universiteit is dit deur Internet beskikbaar.

Daar is heelwat belangstelling in die diens - ook van buite die Universiteit - sê mnr Le Roux Malan van SED. Mense het al selfs uit die buiteland van die diens gebruik gemaak. SED beproef nou saam met die WNNR se tak op Stellenbosch 'n hoëresolusie-waarnemingstelsel en hoop om dit permanent te verkry.

Prof Christo Viljoen, Viserektor (Bedryf), het 'n belangrike aandeel aan die beskikbaarstelling van die diens gehad.

Die meeste netwerk-gebruikers sien 'n spyskaart met verskeie dienste wanneer aangeteken word. Onder "Netwerkdienste" is daar 'n opsie wat hulle kan kies om die weerfoto te sien. Sodra dit gekies word, word die toepaslike programmatuur gelaai.

Die weerfoto's word gestoor met 'n naam wat bestaan uit die jaartal, maand en dag (bv. 940815), gevolg deur die letters A, B of C. Die A-weergawe is meestal die foto wat om 08:15 ontvang is, "B" om 11:15 en "C" om 14:15.

Die foto's word nou nog met die hand ontvang en gestoor - maar dit sal mettertyd outomaties gedoen word. Dit sal verseker dat geen foto's oorgeslaan word nie. SED kan gedrukte weergawes van die foto's op aanvraag beskikbaar stel. Elke Maandagoggend word die vorige week se weerfoto's van die netwerk verwyder om vir nuwe data plek te maak.

Belangstellendes kan by mnr Malan (tel. 021-8082104/-4930) navraag doen. •



Dr Gerrit Pool (sittend) in die rugbylaboratorium saam met een van die afrigtingsassistente, Barry Moldenhauer.

Foto: Colin Elliott

Laboratorium vir Matie-rugby

Die afrigting van die Matie-rugbyklub se bykans 1 200 spelers kry sedert begin vanjaar veral gespesialiseerde aandag - in so 'n mate en op so 'n weldeurdagte wyse dat dit reeds internasionale aandag getrek en heelwat positiewe kommentaar ontlok het. *Douglas Davis* vertel hiervan:

Waar in die verlede dikwels - veral in koerante se sportblaaie - na 'n puik speler van Stellenbosch verwys is as 'n "produk uit die wieg van Matierugby" sal daar moontlik voortaan gepraat word van 'n "produk van die Matie-rugbylaboratorium." Want dit is presies wat dr Gerrit Pool, hoofafrigter van die Maties, gedoen het. Hy het 'n rugbylaboratorium in die lewe geroep - in die Danie Cravenstadion op Coetzenburg.

Met die intrapslag besef jy hier is iets professioneel aan die gang. 'n Uiters geordende en indrukwekkende prentjie begroet jou - soos meer as 60 video's, 'n rekenaar, reuse-tabelle, inligting vir skeidsregters, tydskrifte, persknipsels, sketse, slagspreuke - inderdaad 'n "kennispoel" waarvandaan puik afrigtingsuitsette na senior spanne en koshuise gaan.

"You cannot win consistently without being organised in your coaching," is woorde oor basiese riglyne van die spel wat in die laboratorium te lees is. In dié opsig het dr Pool 'n nuwe dimensie aan Matierugby gegee.

Hy verduidelik: "Afrigtingsinligting is vir ons 'n top prioriteit en daarom het ons vir elke koshuis (altesaam 17) 'n lêer - om die jong afrigter van die begin af reg te skool, want afrigters is skaars. In sy lêer kry hy dieselfde inligting as die klub se afrigters. En dit word vir hom 'n uiters belangrike bron van inligting."

Dr Pool sê daar is vanjaar ook by Matierugby begin met afrigtersassistente. "Ons eerstespan het twee afrigters, maar daar is nou ook 'n assistent - 'n student. Hy teken alles op wat tydens afrigting gedoen word. In die volgende seisoen is hy 'n selfstandige afrigter en word 'n nuwe assistent ingeneem. Wat dié op skrif plaas, dien die volgende jaar vir koshuisafrigters as 'n praktiese handleiding - wat presies aandui hoe met die senior span gewerk is. Alles draai dus om skoling en verbreding van die basis van afrigting."

Video's word ook ingespan. "Die hulpmiddel in rugby is vandag onontbeerlik," sê dr Pool. Elke wedstryd van die eerstespan en die Victoriane word op videoband geplaas - en so ook elke koshuiswedstryd. "Die spelers kan hulleself in aksie sien en hul spel beoordeel, bespreek en kritiseer. Dit word ook aan koshuisspanne beskikbaar gestel - wat nie voorheen gedoen is nie," sê dr Pool.

Hy span ook die rekenaar in - veral by beserings. "'n Speler verstaan nie altyd sy besering nie en dit is belangrik dat hy nie een dag langer 'af' is as wat nodig is nie. Op die rekenaar het ek 'n program wat ek in Brittanje gekoop het. Dit dek die hele liggaam en help om 'n speler die omvang van sy besering te laat verstaan. Dan is sy herstelaksie soveel gouer."

Spelers in die boonste vier spanne bring ook baie tyd in die gimnasium deur - minstens twee keer per week. Dr Pool meen 'n rugbyspan kan nie sy beste lewer sonder dat gimnasiumkoste aangegaan word nie.

Die "gradeerbord" in die laboratorium het reeds wye aandag getrek. Vroeër vanjaar se Engelse toerspan van Will Carling was uitermate beïndruk met dié konsep. Dit bevat 'n foto van elke speler - genommer tot 15 (sy posisie in die span). Ook wie vir SA, die WP en/of die klub speel, word aangetoon met nog inligting soos 'n speler se geboortedatum, adres, telefoonnommer, ens. Soos dr Pool dit stel: "Dis nie 'n geheim waar hulle gegradeer word nie. As 'n speler bv. sien hy is vierde in sy posisie pla dit hom en hy probeer sy uiterste bes om met beter spel hoër op te skuif."

Benewens persknipsels is daar 'n legio rugbytydskrifte in die laboratorium. "Dit benadruk dat internasionale kontak noodsaaklik is. Mens moet kennis maak met oorsese tegnieke. Dis nie te sê jy moet hulle gebruik nie, maar dit kan soms help."

Dr Pool heg groot waarde aan afrigtingsklinieke vir die groei en ontwikkeling van rugby. Die Matie-eerstespan het in die afgelope wintervakansie klinieke aangebied op plekke soos Graaff-Reinet (daar is twee gehou), Cradock en De Aar. "Ons is toegesak deur jong spelers, veral bruin en swart, wat almal graag wil leer."

Gerrit Pool mik nog veel hoër met sy laboratorium. "Hierdie is nog in die 95%-kategorie, dis goed en wel, maar ons moet verder gaan en deel word van daardie spesiale boonste vyf persent. 'n Mens voel byna soos wetenskaplikes wat 'n satelliet klaar gebou het. Nou soek hulle net die fondse om dit in die ruimte te plaas!"

GROOT HUPSTOOT VIR HOKKIE



Jackie Wiese wys waar die nuwe kunsgrasbaan moontlik gebou gaan word.

Klub kry kunsgrasbaan van byna R2 miljoen - en gaan dit self betaal

Die Matie-hokkieklub kry binnekort sy eie kunsgrasbaan van bykans R2 miljoen op Coetzenburg. Vir Jackie Wiese, die klub se organiseerder, is dit "'n droom wat waar geword het."

Dit is iets wat sy al jare lank vir die klub wou hê. Geld was nog altyd die struikelblok. Nou het die Universiteit 'n lening vir die grootste deel van die koste aan die klub toegestaan.

"Ons het in die afgelope klompie jare 'n stewige neseier opgebou - en ons is vasberade om die uitstaande skuld binne enkele jare alles te delg," sê Jackie. Die klub verkry sy inkomste nie net uit lidmaatskapgeld nie, maar veral uit die geslaagde skole- en ander hokkietoernooie wat elke April- en wintervakansie op Coetzenburg aangebied word. Hierdeur lewer die klub 'n reusebydrae tot die bevordering van skolehokkie.

In die afgelope jare het die klub ook spreiligte op twee van sy bane laat installeer en self daarvoor betaal. Volgens Jackie speel Suid-Afrika se nasionale en eersteliga-hokkiespanne lankal nie meer op gewone grasbane nie. "Sulke wedstryde word dus nooit op Stellenbosch gespeel nie - en die klub se spelers en ondersteuners sien dus nie topspanne hier in aksie nie." Die klub se drie topspanne - die vroue-eerste-, mans-eerste- en Vics-vrouespan, moet almal een keer 'n week op Hartleyvale se kunsbaan in Kaapstad gaan oefen - teen 'n stywe fooi plus reiskoste. Daar is ook nie tuiswedstryde vir dié spanne nie. "Met ons eie kunsgrasbaan gaan ons self 'n inkomste hê uit spanne van die omgewing wat graag hier wil kom oefen," sê Jackie. "Die kanse is goed dat ons gereeld elke wintervakansie een of ander nasionale toernooi hier kan aanbied."

Boonop stel buitelandse hokkiespelers baie belang in Coetzenburg as oefenplek - mits hier 'n kunsgrasbaan is. Jackie sê Australiese, Engelse en Kanadese hokkiemense het in die afgelope twee jaar laat blyk dat hulle graag op Stellenbosch wil voorberei. "Hulle is gaande oor Stellenbosch se skoonheid en ons ligging naby Kaapstad."

Die Olimpiese Spele se kwalifiserende toernooi in hokkie word in November 1995 in Kaapstad gehou. "Noudat ons 'n kunsbaan kry, sal van dié deelnemers beslis op Stellenbosch kom voorberei."

Buitelandse spanne stel ook belang in Coetzenburg as hokkie-oefenplek gedurende die somer van 1995/96 om vir die komende Olimpiese Spele in Atlanta voor te berei. Die kunsgrasbaan kan ook 'n verdere hupstoot gee aan die gewildheid van hokkie op die kampus. Die Maties is lankal een van Suid-Afrika se top-hokkieklubs. Tot 1992 was die Matie-vrouespan vir vyf jaar na mekaar die SA klubkampioene. In die afgelope twee dekades was hulle - behalwe in 1982 toe hulle vierde was - elke jaar die wenner of naaswenner van die WP-liga.

Twee SA spanlede, Sherylle Calder en Megan Dobson, is huidige klublede en nog twee, Nicky du Toit (OP) en Ashleigh Wallace (WP), is oudlede.

Coetzenburg popular with overseas stars

Joepie Loots (left), Udo Metzler and Hans-Jörg Thomaskamp who coaches Germany's best women athletes in the high jump.

The University is rapidly becoming one of the world's popular training centres for international athletes.In the wake of earlier visits by athletes of the calibre of Katrin Krabbe of Germany and Werner Gunthor of Switzerland, a contingent of more than 50 world-class German athletes in the long jump, high jump and triple jump completed a training stint at Coetzenburg during April - and they were most impressed by the facilities.

Their chief coach, Udo Metzler - who is also Germany's official coach for all the "jumps" - was lavish in his praise: "This is the most impressive training camp I've ever organised. We had everything we wanted and the weather was absolutely wonderful.

"We practised all the bounds we wished to do on your beaches, all the people were kind, hospitable and helpful, and I can assure you you are going to be swamped with requests from overseas to use your wonderful facilities."

Metzler said that during their stay of just more than a fortnight they had averaged ten to twelve training sessions per week whereas at home (in Germany) they can seldom do more than about five because of the weather in Europe.

He said the University's facilities, and what the town had to offer, were perfectly suited to athletes' needs. "Lanzarote, in Spain (it's about a thousand kilometres from Gibraltar) is often used as training centre by international athletes, but I'm afraid it just doesn't compare with what you have here. The facilities are not so good, there is nothing much to do for the athletes when they're not training and I know what I'm talking about because I've been at Lanzarote three times."

He added: "I'll definitely see you folks here again this time next year."

The Maties' chief athletics coach - Joepie Loots, who has been instrumental in organising the visits of the international athletes to Stellenbosch - says training camps of this nature could help to fill the University's coffers.

Says Loots: "Our facilities, together with the weather, the surroundings and what the town has to offer, will take a lot of beating. And this doesn't only apply to athletics, I'm also thinking of training visits regarding hockey, swimming, soccer, cycling, etc.

"We have all these people want and in December and January, part of February, and the April holidays, our campus is virtually deserted because of the vacations."

Loots said he was thrilled by what this prospect had to offer. He pointed out that the German athletes were the largest group of international athletes ever to use Stellenbosch University as a training centre. "And when people are impressed, news spreads fast, specially in the world of sport.

"After Katrin Krabbe's visit in 1991/2 matters began snowballing and we started receiving requests from all over. Let's hope it keeps snowballing - for the sake of the University," he said.

Loots said the only drawback he could think of was the distance from Europe.

The German athletic contingent consisted of 44 top junior and senior athletes, two physiotherapists, a doctor and six coaches, including Udo Metzler. •

Teoloë se studie trek aandag in die VSA

Amerikaanse teoloë stel baie belang in die werk wat 'n teologiese navorsingsgroep van die US se Kweekskool sedert 1990 doen. Twintig lede van die groep is na 'n groot teologiekongres in November in die VSA genooi.

Die groep bestudeer Christene - veral in hulle gemeenteverband - se rol as boustene vir 'n vredevolle nuwe Suid-Afrika. Hulle werk onder die beskerming van Buvton, die Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing, US. "Suid-Afrikaners beleef nou diepliggende veranderinge. Baie rolspelers probeer hiermee help. Van hulle kan die kerk waarskynlik 'n groot invloed hê," sê dr Jurgens Hendriks, 'n dosent in praktiese teologie aan US en een van die leiers van die projek. Die ander twee projekleiers is dr Michiel van der Merwe, Buvton se direkteur, en dr Coenie Burger, 'n predikant van die Stellenbosse NG Studentekerk.

Nie net die land se leiers nie, maar die burgery (die sg. "grassroots") moet die werklike bouers van 'n nuwe Suid-Afrika wees. Deur gemeentes - of "geloofsgemeenskappe" soos die navorsingsgroep daarna verwys - kan kerke die burgery bereik. Maar die kerk kort die nodige ervaring en vaardigheid om so 'n bydrae te lewer.

"Deur ons navorsing, publikasies en begeleiding wil ons help om dié leemte te vul sodat kerke hulle rol in die veranderingsproses kan speel," sê dr Hendriks.

Sowat 40 predikante en teoloë oral in die land neem deel aan die navorsingsprojek. Hulle is meestal van die NG kerkfamilie. Twintig van hulle is genooi om deel te neem aan die gesamentlike jaarvergadering van die Amerikaanse "Religious Research Association" en die "Society for scientific study of religion". Dit word in November in Albuquerque, Nieu-Meksiko, gehou.

Die Suid-Afrikaners sal die grootste buitelandse groep wees. Hulle is genooi om 12 referate aan te bied en is by verskeie besprekingsgroepe ingeskakel. Die toer spruit uit 'n navorsingsbesoek wat dr Hendriks einde verlede jaar aan die VSA afgelê het. Voor en na die kongres besoek hulle ook heelwat toonaangewende teologiese inrigtings, van New York tot in Los Angeles - onder meer by die universiteite van Princeton, Duke Emory, Columbia, Fuller en Wheaton. Verskeie gemeentes - waaronder 'n aantal Afrika-Amerikaanse gemeentes - gaan ook besoek word. Daar gaan ook by plekke soos die "Center for Parish Development" in Chicago en die "Martin Luther King jr Center for Non-violent Change" in Atlanta aangedoen word.

Dr Hendriks sê die Amerikaners stel veral in Suid-Afrika belang omdat hulle baie van die probleme ervaar waarmee daar ook in ons land geworstel word.

"Hoewel hulle sedert die sestigerjare volle burgerregte aan almal gegee het, is baie van hulle probleme steeds nie opgelos nie - en hulle meen hulle kan baie uit die Suid-Afrikaners se huidige belewenis op dié gebied leer. Ons kan natuurlik weer baie by hulle leer." •

PPS – Want Selfs In 'n Professionele Praktyk Kan Slim Steeds Sy Baas Vang

PPS – Professionele Dekking Vir Beroepslui

Die beste siekte- en ongeskiktheidsvoordele, 'n belastingvrye enkelbedrag by aftrede, groeptermynlewensdekking, uittree-annuïteitplanne en Profmed – die mediese fonds uitsluitlik vir u geskep.
Alleenlik aan Gegradueerde Beroepslui beskikbaar.
Spring reg weg . . .
skakel PPS vandag.

PROTECTION-PROVIDENCE BESKERMING-VOORSORG PPS

Die Professionele Voorsieningsvereniging van Suid-Afrika
Posbus 6268,
JOHANNESBURG 2000
Telnr: 29-7863
Faks: 23-0088

Oud-Maties in die politieke bestel

Vier kabinetslede in die regering van nasionale eenheid asook 'n streekspremier is onder die Oud-Maties - van verskillende partye - wat in die nuwe politieke bestel ampte beklee.

Die vier kabinetslede is die ministers van Omgewingsake en Toerisme (dr Dawie de Villiers), Grondsake (mnr Derek Hanekom), Landbou (dr Kraai van Niekerk) en Welsyn en Bevolkingsontwikkeling (mnr Abe Williams). Oud-Matie mnr Hernus Kriel is die premier van die Wes-Kaapse streek. Mnr Hanekom - wat twee jaar van sy universiteitstudie aan die US voltooi het - is van die ANC en die ander vier van die NP. Een van die twee uitvoerende adjunk-staatspresidente het ook 'n noue verbintenis met die Universiteit - dr FW de Klerk wat in 1990 'n eredoktorsgraad van die Universiteit ontvang het en wie se kinders ook aan die US gestudeer het.

'n Aantal Oud-Maties dien in die Nasionale Vergadering en in die Senaat asook in verskeie van die provinsiale wetgewers (onder meer as uitvoerende raadslede).

Ses Oud-Maties (almal van die NP) dien ook as uitvoerende raadslede in die Noord-, Oos- en Wes-Kaapse parlemente - drie van hulle as LUR'e van landbou. Dr Tertius Delport is LUR van landbou in die Oos-Kaap, mnr Kobus Marais is LUR vir landbou in die Noord-Kaap en mnr Lampie Fick is die Wes-Kaapse LUR van landbou-ontwikkeling.

Die ander drie provinsiale uitvoerende raadslede is mnre Jan Brazelle (finansies) en Francois van Wyk (vervoer) in die Noord-Kaap en mnr Kobus Meiring (finansies, uitgawes en dienskommissie) in die Wes-Kaap. Nog 'n Oud-Matie, mnr Willem Doman (NP), is die Wes-Kaapse speaker.

Naas die kabinetslede in die regering van nasionale eenheid hier bo genoem, dien die volgende Oud-Maties (sover vasgestel kon word) ook in die Nasionale Vergadering: mnre Johnny de Lange, Jannie Momberg en Jan van Eck en me Melanie Verwoerd (ANC); dr Theo Alant, mnr Koos Albertyn, mev Maretha Badenhorst, drr Dawie de Villiers en Boy Geldenhuys, mnre David Graaff en Melt Hamman, dr Francois Jacobsz, mnre Nic Koornhof, Wilhelm le Roux, Piet Marais, Johan Marais, Jacko Maree en Maans Nel, dr Manie Schoeman, adv Danie Schutte, mnr Myburgh Streicher en dr Piet Welgemoed (NP); asook me Dene Smuts (DP). Me Verwoerd en nog 'n ANC-parlementslid, me Naledi Pandor, is albei as M-studente aan die US ingeskryf.

Oud-Maties in die Senaat is (sover vasgestel kan word) senatore Neels Ackermann, Jan Jooste en (dr) Georg Marais (van die NP) en senatore (dr) Pieter Gous en (genl-maj) Tienie Groenewald (van die Vryheidsfront). Sen Jooste is die hoofsweep van die grootste minderheidsparty in die Senaat.

Naas die LUR'e en speaker hier bo genoem, is Matieland ook bewus van die volgende Oud-Maties wat in die provinsiale wetgewende liggame dien: KwaZulu/Natal: mnre Con Botha (NP) en Wessel Nel (DP); Oos-Kaap: Mnr André de Wet (ANC); Oos-Transvaal; adv Moolman Mentz (VF); PWV: mnr Jan Bredenkamp (NP); en Wes-Kaap: dr Quarta du Toit, mnr Ryno King en mev Alta Rossouw (NP) asook mnr Hennie Bester (DP). Prof Richard van der Ross, wat in 1989 'n eredoktorsgraad van die US ontvang het, dien ook as DP-lid in die Wes-Kaapse wetgewende liggaam. •

Nuwe nagraadse diploma

Taalonderwysers en -dosente moet toenemend taal onderrig aan nie-moedertaalsprekers, in meertalige en multikulturele klaskamers, en binne akademiese ondersteunings- en ontwikkelingsprogramme. Die US se nuwe nagraadse diplomakursus in Algemene Taalwetenskap maak dit vir taalonderwysers en taaldosente moontlik om hulle beter vir hulle taak toe te rus terwyl hulle voltyds bly werk.

Danksy afstandsonderrig, in Afrikaans en Engels, kan werkende onderwysers en dosente nou deur deeltydse studie hul kennis uitbrei en 'n nagraadse kwalifikasie van gehalte verwerf. Skakel die Departement Algemene Taalwetenskap, U.S., Privaatsak X5018, STELLENBOSCH, 7599; Tel (021)8082010/8083531. Faks 8084336/8082009; E-pos: linguis@maties.sun.ac.za. •

5de van 1stejaars was A-matrieks

Sowat een uit elke vyf Matie-eerstejaars vanjaar het aan die einde van hul skoolloopbane met 'n A-gemiddeld (80% of hoër) gematrikuleer.

Die US het 2791 eerstejaars - waarvan 19,5% 'n A-gemiddeld, 28,4% 'n B-gemiddeld (*minstens* 70%) en 31,4% 'n C-gemiddeld (minstens 60%) in hul skooleindeksamen behaal het. Sowat vier vyfdes (79,3%) van die eerstejaars het dus met minstens 'n C-gemiddeld gematrikuleer. Altesaam 14 462 studente het vanjaar aan die Universiteit ingeskryf. Van hulle studeer 4 072 (28,2%) nagraads. Die persentasie nagraadse studente is van die hoogste aan enige SA universiteit. Die totale studentetal vanjaar is 75 meer as verlede jaar. Daar is slegs vyf eerstejaars meer as in 1993.

Dié amptelike jaarsyfers is op die tweede Dinsdag in Junie bepaal. Dit is die vasgestelde sensusdag waarop universiteite hul studentegetalle vir vanjaar bereken. Hierdie amptelike syfer word onder meer gebruik om volgende jaar se staatsubsidie te bepaal.

Handel en Administrasie - wat sedert 1991 die grootste van die US se 12 fakulteite is - het vanjaar 3 582 studente. Lettere en Wysbegeerte is met 3 252 die tweede grootste . •



Prof Amanda Lochner,
Prof Pieter Grobbelaar,
Me Ronel de Goede

SA **Akademie vereer** 3 personeellede

Drie US-personeellede en 'n ouddosent is onder die Oud-Maties wat vanjaar toekennings van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang het.

Hulle is prof Amanda Lochner van die Departement Mediese Fisiologie en Biochemie, prof Pieter Grobbelaar, hoof van die Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, en me Ronel de Goede (Foster), dosent in die Departement Afrikaans en Nederlands, asook mnr Chris Swanepoel, rektor van die Technikon Witwatersrand wat 'n ouddosent van die US Konservatorium is.

Prof Lochner, wat die Havenga prys vir geneeskunde ontvang het, bedryf die Mediese Navorsingsraad se program vir eksperimentele biologie in die Departement Mediese Fisiologie en Biochemie. Sy het al haar universiteitskwalifikasies aan die US behaal, waaronder BSc en MSc met lof asook twee doktorsgrade.

In 1990 en 1991 was sy 'n besoekende professor aan die Universiteit van Kaapstad. Sy is getroud met 'n US-dosent, prof Jan Lochner, hoof van die Departement Geneeskundige Fisiologie en Biochemie.

Prof Grobbelaar het die Akademie se erepenning vir volkskunde ontvang. **Ronel de Goede** deel die Eugène Marais prys vir letterkunde met Oud-Matie **mnr Mark Behr** van Kaapstad. Sy is vereer vir haar debuut-digbundel *Skoop* en hy vir sy debuutroman *Die reuk van appels.*

'n Erepenning vir musiek is toegeken aan **mnr Chris Swanepoel**, wat BMus en MMus aan die US behaal het en gedurende 1957-'65 'n dosent aan die Konservatorium was. Hy was onder meer lank hoof van musiek by die SAUK, waar hy later as adjunk-direkteurgeneraal benoem is. Sedert 1991 is hy rektor van die Technikon Witwatersrand.

'n Oud-Matie en bekende skryfster, **Audrey Blignaut** (mev De Villiers), het erelidmaatskap van die Akademie verwerf. Die US het in 1990 'n eredoktorsgraad aan haar toegeken.

Nog twee Oud-Maties wat ook eregrade van die US ontvang het, het vanjaar Akademie toekennings gekry. Hulle is **dr AJ van den Berg**, voorsitter van Sanlam en Sankorp, wat die Frans du Toit medalje vir sy skeppende bydrae tot die Suid-Afrikaanse bedryfslewe ontvang het, en wyle **prof Danie Joubert,** oudrektor van die Universiteit van Pretoria, aan wie die MT Steyn medalje postuum toegeken is.

Dr Van den Berg het in 1988 en prof Joubert vroeg verlede jaar eredoktorsgrade van die US ontvang. Prof Joubert is vroeër vanjaar oorlede.

Onder die Akademie se SAUK-pryse wat vanjaar toegeken is, is een aan **mnr Chris Swanepoel** (nie familie van bg. mnr Swanepoel nie) van die SAUK in Kaapstad - vir sy radiohoorbeeld *Toemaar die donkerman.* Dit is in 1992 uitgesaai en het gehandel oor die Afrikaanse digter Ingrid Jonker. •



Afstande: 30 minute se ry vanaf Kaapstad, 14 minute van Stellenbosch en 10 minute van die see af.

ALLEEN-AGENTE
SOLE AGENTS
PAM GOLDING
PROPERTIES
Tria Arkade 1, Hoofweg 155, Somerset-Wes, 7130
Tel: (024) 51 2633 Faks (024) 51 2637

Vir meer inligting, bel Memie Gill
K/U (024) 51-2633
N/U (024) 51-1925

DANRUST
Somerset Wes

Geleë in 'n rustige, ontwikkelde deel van Somerset-Wes, bied hierdie stewig geboude woonstelgebou met 16 woonstelle, 'n uitstekende beleggingsmoontlikheid. Die gebou is op 'n perseel van 3395m2 geleë, met 'n gevestigde tuin en bome en 'n manjifieke uitsig op Helderberg

Pryse	
3 vertrekke met eksklusiewe tuin	R160 000
4 vertrekke	R155 000
3 vertrekke	R140 000
Enkelmotorhuise	R10 000
Dubbelmotorhuise	R15 000
Onderdak-parkering	R5 000
Parkeerruimtes	R2 000
Huiswerker-akkommodasie	R4 000

REÜNIES

Durban

Oud-Eendragters by 'n saamtrek wat onlangs in Durban gehou is, saam met die President van die Konvokasie, prof Bun Booyens (middel) wat jare lank Eendrag se inwonende hoof was. Hy was die geleentheidspreker by dié reünie. Van links is Helgaardt Müller, Anton Olivier, Inus Marais, Dawid Justus, Willem van Metzinger, Tim ter Haar en Hans Scriba.

Ook in Durban (heel links): Johan Bosman, Gladys Crompton, Igna en Henk de Villiers, Theo Ferreira, Jeanne Tillema en Mark van der Merwe.

Natalse gholfdag

Die tweede gholfdag vir Natalse Oud-Maties is in Junie by Umdoni aan die Suidkus gehou. Simon van den Bosch (links) was die wenner. Die organiseerder, Rein Kelder, het die beker oorhandig.

Jeffreysbaai

By 'n saamtrek vir Oud-Maties op Jeffreysbaai was Andreas Strydom (links), Ansie Dorfling en Johan Fechter, Direkteur van Openbare Betrekkinge.

Louw en Caren Ferreira was ook by die saamtrek op Jeffreysbaai. Sy is 'n suster van 'n Wes-Kaapse LUR, mnr Kobus Meiring. Hul pa, wyle prof Gans Meiring, was ook 'n bekende Oud-Matie.

Helena van Zyl, van Absa se Kaartafdeling in die Weskaap, het 'n tjek vir R18 500 aan Johan Fechter, direkteur van Openbare Betrekkinge oorhandig. Dit is die US se voordeel uit Oud-Maties se gebruik van hul Oud-Matie kredietkaarte.

Redenaars presteer teen wêreld se bestes

Jéan en Judy met 'n Australiese etniese houtsnywerk-trofee wat hulle vir hul debatsprestasie by die wêreldkompetisie ontvang het.

Twee Maties, Judy Malan en Jéan Meiring, was onlangs die wenners van 'n belangrike afdeling by 'n wêreld-debatskompetisie in Australië. Hulle het Oxford-universiteit se A-span onder meer kafgeloop.

Dit was die enigste keer nog dat Afrika studente aan dié jaarlikse wêreldkompetisie deelgeneem het. Die Maties wil dit nou in 1997 by die US aanbied. Hulle werk ook hard om debatskompetisies in Suid-Afrika te bevorder - tussen universiteite en kolleges en selfs op skoolvlak.

"Die Britse, Amerikaanse en Australasiese redenaars vaar veral goed by dié kompetisie. In Amerika is debatswedstryde soos sporttoernooie hier by ons. Daar is baie belangstelling en hulle ding feitlik elke naweek mee," sê Jéan.

Sewe Maties was by die "World Universities Debating Championships" - die 14de jaar dat dit gehou is. Naas Judy en Jéan - wat saam 'n span was - was daar nog 'n span, Natalie Phillips en Carel Nolte, en drie beoordelaars. Sowat 600 studenteredenaars uit alle wêrelddele was by die toernooi, in Melbourne. Die Maties was ook by 'n kleiner aanloop-toernooi in Brisbane en kon deur dele van Australië reis.

Ná die uitnodiging daarheen het die Maties se Debatsvereniging uitdunkompetisies gehou en geld ingesamel. Die US kon die vier redenaars help - maar hulle moes verder self sak skud en die beoordelaars moes alles self opdok.

Drie van die vier Matie-deelnemers was regstudente - 'n wêreldwye neiging. Jéan is 'n BA Regte finalejaarstudent en Judy is in haar voorlaaste LL.B.-jaar.

Debatteer moet in hulle twee se bloed wees, want Judy is die dogter van oudparlementariër Wynand Malan van Johannesburg en Jéan, 'n gebore Stellenbosser, se oupa, Willem Dempsey, 'n US-ouddosent, is 'n oudpolitikus en eertydse SA ambassadeur in België.

Hulle geslaagde deelname in Australië was 'n groot hupstoot vir die Debatsvereniging - die oudste maar een van die lewendigste verenigings op die kampus.

Planne om 'n SA debatsvereniging op die been te kry, vorder ongelukkig stadig. Maar die Maties wil beslis debatskompetisies hier bevorder. En die wêreldtoernooi Stellenbosch toe bring! •

Vrou stof almal landwyd uit

Me Sarine Barnard

Vanjaar se topstudent landwyd in die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad se nasionale kwalifiserende eksamen is Sarine Barnard, wat verlede jaar met die graad Hons.B.Rek. aan die US afge-studeer het.

Sy het die hoogste gemiddelde persentasie vir die honneurskursus in rekeningkunde in die afgelope dertig jaar aan die US behaal.

US-produkte is oor die algemeen die toppresteerders in dié eksamen se twee afdelings (Rekeningkunde en Ouditkunde). In Rekeningkunde is die Maties se slaagsyfer 95% - teenoor 81% landwyd - en in Ouditkunde het Stellenbosse afgestudeerdes 69% behaal teenoor 47% landwyd.

Nog 14 ander universiteite berei kandidate vir die eksamen voor. Dit is teen die einde van Maart vanjaar afgelê - deur mense wat hul honneursgrade in rekeningkunde verlede jaar ontvang het.

Mej Barnard - wat in 1989 op Malmesbury gematrikuleer het - het op Universiteit 'n gemiddelde punt van 88% gehandhaaf. Sy is ook met die CGW Schumann goue medalje as beste student in die Fakulteit Handel en Administrasie bekroon. •

Openbare Bestuur kry nuwe gebou

Die Skool vir Openbare Bestuur het sy nuwe gebou van bykans R4,4 miljoen op die Bellvillepark-kampus vroeër vanjaar in gebruik geneem. "Die hoë gehalte van dié moderne opleidingsgeriewe laat reg geskied aan die professionaliteit van die openbare en ontwikkelingsbestuurders wat hier opgelei word," sê prof Erwin Schwella, hoof van die skool en voorsitter van die Departement Openbare en Ontwikkelingsbestuur. 'n Kenmerk van die nuwe gebou is dat die Universiteit die grootste deel van die oprigtingskoste voorgeskiet het op voorwaarde dat die Skool vir Openbare Bestuur dit terugbetaal uit die inkomste wat met die aanbied van kursusse daar verkry word.

Die Departement bied al sy voorgraadse kursusse op Stellenbosch aan. By die Skool vir Openbare Bestuur word nagraadse kursusse en 'n reeks kort indiensopleidingskursusse aangebied. Die MPA-kursus en 'n ewe gewilde diploma in publieke administrasie kan onder meer modulêr gevolg word.

Die kort kursusse handel oor onderwerpe soos Behuisingsbeleid en bestuur, Strategiese veranderingsbestuur vir die SA Polisie en Gemeenskapsontwikkeling vir bestuurders in die openbare en ontwikkelingsektore. Dié intensiewe, modulêre kursusse duur meestal sowat twee weke of minder. 'n Sertifikaat word daarvoor toegeken.

Deur sy Consultus-program lewer die skool ook 'n belangrike diens. "Dit is 'n kapasiteitsbou program waardeur ons op aanvraag konsultasiedienste aan die openbare en ontwikkelingsektore aanbied," vertel prof Schwella. Hy is baie geesdriftig oor die toekoms van die program waarmee daar in 1993 begin is.

Die nuwe gebou - wat by die Universiteit se bestuurskoolgebou aansluit - beslaan drie vlakke. Twee lesingsale met 80 sitplekke elk op die onderste verdieping is van die modernste aan die Universiteit - toegerus met rekenaar- en video-gekoppelde oorhoofse projektors. Die Bestuurskool benut ook dié lesingsale.

Op die ander twee vlakke is daar onder meer kantore en 13 besprekingslokale. Daar is ook geriewe vir reproduksie en boekuitreikdienste. Die Skool vir Openbare Bestuur het as 'n gelyke vennoot met die Bestuurskool toegang tot die biblioteek asook tot die losies-, onthaal en -kafeteriageriewe wat vroeër daar vir die Bestuurskool geskep is.

Prof Schwella beskou die Skool vir Openbare Bestuur se nuwe gebou as "'n tydige en proaktiewe ontwikkeling vir die groot behoefte aan deeglik opgeleide openbare en ontwikkelingsbestuurders wat daar juis op hierdie tydstip in Suid-Afrika bestaan." •

Jaarblad vier halfeeu

Die Maties se jaarblad, die Stellenbosse Student, vier in Oktober sy vyftigste verjaardag met 'n reünie van oud-redaksielede. Dit sal saamval met die bekendstelling van vanjaar se uitgawe.

Alle oud-redakteurs en redaksielede wat die reünie wil bywoon, moet met die redakteur by tel (021)886-5403 in verbinding tree, sodat besonderhede aan hulle gestuur kan word.

'n Omvattende uitstalling van die vorige 49 jaar se uitgawes word ook beplan. Oud-redaksielede word gevra om foto's en materiaal hiervoor beskikbaar te stel. Dit sal weer aan hulle terugbesorg word. •

Vernuwings by Neelsie byna klaar

Die verbouings van sowat R13 miljoen aan die Langenhoven-studentesentrum ("Neelsie") gaan einde Oktober klaar wees. Die sentrum sal deels geprivatiseer wees wanneer dit vroeg volgende jaar heropen.

Meer as 30 sake-ondernemings kan persele in die herboude sentrum huur. Vir sowat die helfte van dié persele is daar reeds vaste kontrakte met die Universiteit gesluit.

Maar Neelsie gaan steeds 'n sentrum vir die Maties wees. "Dit sal nog altyd op die studente se behoeftes ingestel bly - en nie net nog 'n Stellenbosse sakesentrum wees nie," sê mnr Willem Roos, die US se hoof van Beplanning. Die Universiteit gaan steeds die sentrum se twee groot sale - die Sanlam- en Vroueverenigingsaal - asook die personeeleetkamer bedryf. Die sale sal soos tevore vir onthale uitverhuur word, maar 'n private onderneming gaan die spyseniering behartig. Die US sal nog twee persele in die sentrum bedryf - 'n studente-dansplek en -disko asook 'n fotokopieër-winkel. Laasgenoemde vervang die kopiëringsgeriewe wat nou in die JS Gericke-biblioteek is.

'n Nuwe bestuurder vir die sentrum sal binnekort diens aanvaar. Die kantore van die Hoofdirekteur: Studentesake, die Studenteraad en studenteverenigings gaan weer in die sentrum wees - met heelwat meer kantoorruimte as voorheen.

Onder die 20-tal sake-ondernemings wat reeds huurkontrakte vir die sentrum gesluit het, is 'n akademiese boekwinkel, verskeie banke, 'n sportwinkel, apteek, reisburo, haarsalon, telefoon- en faksburo, winkel vir godsdienstige boeke en musiek, wassery, klerewinkel, videospeletjies-lokaal, en 'n hele aantal voedselwinkels wat 'n verskeidenheid kits- en ander kossoorte sal verkoop. Dit word gerangskik rondom 'n voedselhof met sowat 1 000 sitplekke. Dié kos-verkooppunte vervang die studente kafeteria wat die US self voorheen in die sentrum bedryf het.

'n Lening is aangegaan om die gekommersialiseerde deel van die sentrum - wat nie deur die Universiteit gesubsidieer word nie - te finansier. Die Universiteit sal die koste hiervoor mettertyd deur verhuring verhaal. Een van die opvallendste veranderings aan die sentrum is 'n dakvenster wat natuurlike lig in die voedselhof gaan inlaat. Dié is in die eertydse kelder-danssaal (die "gat") ingerig. Die ander winkels is op die grondvlak - waar die kafeteria vroeër was.

Landlord Property Holdings van die Waterkant in Kaapstad hanteer die bemarking van sakepersele in die sentrum. Belangstellendes kan mnr Nigel Garner (tel 021-9485905) skakel.

Buite bly die sentrum grootliks dieselfde - behalwe vir nuwe ingange oos, wes en noord van die kompleks. Dit sal 'n beter deurvloei skep vir mense wat die sentrum besoek. Die oos-ingang gaan ook direkte toegang van die parkeerterrein langs die gebou na die onthaalsaal-gedeelte verleen. 'n Nuwe noordingang sal direk na die voedselhof lei.

Die sentrum se buitekant sal in moderne, helder kleure geverf word - om te beklemtoon dat dit verskil van die akademiese en ander US-geboue daar naby. "Die herboude sentrum gaan meer as voorheen 'n inkopiesentrum, ontspanningsplek én kuierplek vir die Maties wees," sê mnr Roos. •







Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van

IN MEMORIAM

die volgende US-personeellede, Oud-Maties, Maties en andere wat 'n verbintenis met die Universiteit gehad het:

Mnr G Elmor Arends (20) van Idasvallei, Stellenbosch; 'n tweedejaarstudent in Menslike Bewegingskunde.

Mej Nelmaré Barkhuizen (21) wie se ouerhuis op Uniondale is; 'n derdejaarstudent in elektroniese ingenieurswese en huiskomiteelid van Nerina; is dood in 'n busongeluk.

Mnr R Barnard (23) van George; B.Ing. (meganies) (1992); is in 'n motorongeluk oorlede.

Prof AJ (André) Bester (52); het verlede jaar as hoof van die Sentrum vir Molekulêre en Sellulêre Biologie (in die Departement Geneeskundige Fisiologie en Biochemie) afgetree; het al sy grade insluitende twee doktorsgrade aan die US verwerf; het van 1973 tot 1975 na-doktorale opleiding aan die Universiteit van Connecticut ondergaan; het 'n aantal navorsingsbeurse en toekennings ontvang; was o.m. voorsitter van die MNR se Werkgemeenskap vir Molekulêre en Sellulêre Biologie.

Mej M Beukman (21) van Worcester; B.Comm. (1992); is teen die einde van 1993 in 'n motorongeluk dood.

Dr JH Breytenbach (76) van Villieria, Pretoria; D.Phil. (1944).

Mnr LC Bruwer (84) van die Strand; B.A., M.A., S.O.D. (1929, '32).

Mnr DJA Crafford van Bertsham, Johannesburg; B.A., S.O.D., (1939, '40).

Mnr DDM (Deon) de Villiers (86) van die Paarl; B.A., S.O.D., sertifikaat in liggaamlike opvoeding (1929, '32, '40); afgetrede Latyn-onderwyser van die Paarlse Hoër Jongenskool.

Mnr PNHB du Plessis (61) van Cotswold, Port Elizabeth; B.Sc., B.Ing. (1960).

Mnr JJK Engelbrecht (71) van Vredendal; het as spesiale student in landbouwetenskappe (1941) afgestudeer.

Mnr Jean-Jacques du Preez (22) wie se ouerhuis op Worcester is; 'n B.Sc.(Ing.)-eerstejaarstudent.

Mnr D Esterhuyse (55) van die SAUK in Johannesburg; B.A. (1962).

Dr Erwin Reinhard Hagemann (51); M.B., Ch.B. (1967).

Mnr JJ (Jozua) Haumann (50) van Griekwastad; B.Comm. (1965) en oud-Helderberger; 'n boer wat vir sy veldkennis en ekologiese wisselweidingstelsels bekend was.

Mnr HA Heyl (86) van Wellington; B.A., SOD (1935, '36).

Mnr WJ Hugo (41) van Oudtshoorn; B.A. (1976).

Ds JJ Jansen (61) van Parkrand, Boksburg; wat in 1964 aan die Kweekskool afgestudeer het.

Prof DM (Danie) Joubert (65) van Pretoria; afgetrede rektor en visekanselier van die Universiteit van Pretoria; het D.Sc. (sy tweede doktorsgraad) in 1976 aan die US behaal; en in April 1993 het die US 'n eredoktorsgraad aan hom verleen vir sy belangrike bydrae tot landbounavorsing en tersiêre onderwys in Suid-Afrika. Onder die talle ander eretoekennings wat hy ontvang het, is die Orde vir Voortreflike Diens (klas I: goud) van die destydse Staatspresident in 1988.

Mev Ilse H Kamfer (gebore Andrag) (61) van Somerstrand, Port Elizabeth; B.A. in maatskaplike werk (1953) en was 'n inwoner van Huis de Villiers; was verbonde aan die ACVV in Kaapstad en die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing in Pretoria en was tot kort voor haar dood nou betrokke by die ACVV in Port Elizabeth; vrou van Oud-Matie Louis Kamfer (D.Phil., 1959).

Mnr AS du P le Roux (82) van Serenitas, die Strand; B.Sc., M.Sc., S.O.D., M.Ed., (1933, '34, '35, '42).

Mnr Alwyn P le Roux (66) van Harrismith; B.Sc. in Siviele Ingenieurswese (1949); het vyf jaar gelede as stadsingenieur afgetree.

Mnr DL le Roux (80) van Bloemfontein; B.Agric., S.O.D. (1938, '39).

Oudsenator Jack Loock (86) van Ventersdorp; B.A., M.A. met lof, D.Phil. (1928-'34); eertydse predikant en latere politikus.



Prof André Bester

Prof WM van der Westhuizen

Mev M Louw (gebore van Zyl) (77) van die Strand; B.A., S.O.D. (1936, '37); was onderprimaria van Harmonie en SR-lid in 1937).

Mnr JH Malherbe (88) van Middelburg, Oos-Transvaal; LSOD (1927).

Mnr JG Muir (75) van Stilbaai; B.Ed. (1942).

Mnr WC Murray (79) van Sunnyside, Pretoria; B.A., H.P.O.D. (1939).

Dr CJG (Charlie) Niehaus (88) van die Paarl; B.Sc. Agric., D.Sc. Agric. (1927, '32); was bekend as "die vader van sjerrie in Suid-Afrika"; het ook in Europa gestudeer en 'n aantal buitelandse studiereise onderneem; was verbonde aan die Stellenbosch-Elsenburg-landboukollege; en van 1937 tot sy aftrede in 1971 aan die KWV; het in 1968 'n oorkonde van die US ontvang en is in 1973 met 'n goue medalje van die SA Akademie vereer.

Mnr W du T Nortier (58) van die Hoër Landbouskool Boland; B.A. (L.O.) en B.Ed. (1955, '78).

Mnr Nic Oosthuizen (56) van Bloemfontein; L.S.O.D. (1959); 'n oud-Simonsberger; afgetrede onderwyser van Grey-kollege, Bloemfontein.

Mev JC (Hanna) Potgieter (gebore Conradie) (81) van Verwoerdburg; HPOD (1934).

Mnr GF de W Ries (29) van Somerset-Wes; het B.Sc., Hons. en M.Sc. verwerf en was met sy dood as doktorale student in Biochemie ingeskryf.

Mnr JCF Scheffler (84) van Mosselbaai; B.Sc. en S.O.D. (1930).

Mnr GJ Swiegers (69) van Malmesbury; B.Comm. (1947).

Mnr JPJ Theart (90) van Huis Aristea, Durbanville; B.A., H.S.O.D., M.A. (1926, '28, '36); was meer as 47 jaar in die onderwys, o.m. as skoolhoof (Rhodes, Tarkastad) en vir 27 jaar op Beaufort-Wes; was ook hoofeksaminator van Afrikaans; het na sy aftrede in 1968 steeds as Engels-onderwyser gewerk.

Mev Suzanne Theron (gebore Barnard) (69) van Port Elizabeth; HPOD en verdere studie in huishoudkunde (1943, '44); was onderprimaria van Harmonie, BTK-bestuurslid en lid van Jan Pierewiet Geselskap; dogter van oud-Matie wyle ds Gert Barnard; vrou van oud-Matie ds Jos Theron wat o.m. predikant op Eldoret, Kenia, was en in 1986 op Elliot afgetree het.

Mnr JBB (Blake) Toerien (88) van Kroonstad; het B.A. en M.A. (Latyn) in die twintigerjare behaal; was lank onderwyser by verskeie skole en was veral bekend vir sy begaafde klavierspel.

Mnr Pieter E Toerien (75) van Bellville; was takbestuurder van Santam op Moorreesburg en tot sy aftrede in 1978 regsadviseur van Santam Versekering.

Ds CA van der Merwe (62) van die Strand; B.A. (1953).

Mnr CTJ van der Walt (92) van die Jan Swart-tehuis, Strand; B.Sc., M.Sc. (1926, '27).

Prof WM ("Whitey") van der Westhuizen (83) van Stellenbosch; B.A., LL.B. met lof en LL.D. (1932, '34, '47); gewese Dekaan van Regsgeleerdheid wat 40 jaar aan die Fakulteit Regsgeleerdheid verbonde was, van 1936 tot sy aftrede in 1986; het in 1955 professor geword; het baie bygedra om dié fakulteit as een van die voortreflikstes in die land te vestig; was 'n kenner van die erf- en volkereg; onder sy oudstudente is die huidige Rektor en Visekanselier, prof Andreas van Wyk.

Mnr GDS van Heerden (86) van Pretoria; B.A. en M.A. albei met lof en S.O.D. (1927, '29).

Mnr R van Heerden (26) van Somerset-Wes; B.Sc. (1991) en was daarna as M.B., Ch.B.-student ingeskryf.

Mnr AAJ (Abé) van Niekerk (62) van Durbanville; B.A., M.A., S.O.D. (1952, '56); oud-skoolhoof, uitgewer en bekende skrywer; was o.m. skoolhoof op Kanoneiland, Calvinia en Durbanville, asook onderwysinspekteur en later bestuurder van HAUM in Kaapstad.

Mnr J Kotzé van Wyk (52) van Durbanville; B.A. (1962); was aan plaaslike owerheidsinstansies verbonde; het vir die Maties en Boland rugby gespeel.

Mnr JC Vogel (52) van King William's Town; B.Comm., LL.B. (1961, '64).

Mnr CJ Wieffering (81) van Somerset-Wes; voormalige senior lektor in Menslike Bewegingskunde, US, vanaf 1940; 'n Nederlandse immigrant wat in die Tweede Wêreldoorlog as offisier in Engeland gedien het. •

PROMOSIE-ARTIKEL

Rugby, O die liewe Rugby

Wat is dit tog wat 'n man in 'n paar rugbystewels so aantreklik vir die vroulike geslag maak? Meisietjies het nog skaars tande gewissel dan klop hul harte warm vir die een of ander rugbyheld. En elke vroulike student kan nou maar rondborstig erken: om met 'n eerste-span-speler te kan uitgaan, is die kersie op die hele Matie-koek.

My aanvanklike rugbyhelde was, soos die Engelse sal sê "few and far between". As jy nooit eers geweet het waarom groot manne in die middel van 'n wedstryd gaan staan en hopie maak nie, kon die spel jou nie genoeg aantrek om van spelers helde te maak nie.

Lank-lank gelede - ek was rêrig maar net 'n tjokkertjie - het die borselkop van Tom van Vollenhoven eendag my aandag getrek. Dit was op straat in Bethlehem (waarvan hy ook 'n boorling is) en omdat al wat jong meisie is openlik oor hom ge"swoan" het, het ek maar saamgedoen. Ag, eintlik was hy darem maar 'n man met 'n lyf wat trane na 'n vrou se oë kon bring!

Later was dit groot Frik du Preez wat my knieë lam gemaak het, seker maar omdat sy oë net so 'n hartseer-uitdrukking soos Elvis s'n gehad het.

Gelukkig het ek in die Eikestad rugby-verstand gekry, al kon ek nie veel beter vaar as 'n vaste stut in een van die sosiale spanne nie. En toe die gogga eers gebyt het, was die koeël deur die kerk. Probeer my vandag van 'n wedstryd op Nuweland weghou - dis net moeilikheid soek.

Op die hoofpawiljoen, waar my man jare gelede vir ons seisoenkaartjies gekry het, ken my bure my entoesiasme goed en hulle druk maar die ore toe as dit te baldadig gaan.

Op daardie sitplek het ek my hees geskree agter grotes soos Jan Boland Coetzee en Hempies du Toit aan. Ek het seuns sien man word op die rugbyveld en ek het rooi gesien as die blou bul met die voornaam Naas op die toneel verskyn.

Hy't my altyd herinner aan die lekker rugbystorie van die kleinserige losskakel ('n Tukkie), wat vir 'n laagvat so bang was soos die duiwel vir 'n slypsteen. Toe hy op 'n dag weer effens laat geloop is, het hy op die grond bly lê en yl en kreun asof daar 'n pyn is wat hom aan twee skeur.

Hy't natuurlik gehoop dat as hy baie raas, die skeidsregter tog 'n strafskop sal gee. Maar die manne langs die veld wat van rugby ken, en ook die losskakeltjie, het uit die staanplekke geskreeu: "Hei, man, jy speel nou vir Tukkies, nie vir TRUK nie!"

Maar van al die rugby, is die lekkerste kyk langs die veld met Intervarsity. Vanjaar het ek weer voor in die ry gestaan en harder as al die jeugdige ondersteuners vir die Maties geskree.

Nou sê my vriende, dis geen wonder ek het hier op Stellenbosch op Lieberheim kom aftree nie. My droomhuis teen Paradyskloof is vir my 'n veilige hawe, in 'n woonbuurt waar stilte en gemoedelikheid heers. Dis na aan die dorp en na aan Coetzenburg.

Maar dié wat weet, vra ook gereeld vir my: is dit nie meer as toeval dat Paradyskloof 'n katspoegie van Jan Boland se Vriesenhof is nie.

Sowaar, ek het dit nie vooraf geweet nie. Maar wanneer ek hom so op 'n afstand in die dorp sien, gewoonlik met sy kort broek en lang sokkies, weet ek baie goed waarom 'n man in rugbystewels 'n vrou se hart so vinnig kan laat klop.....

Joan van Niekerk

LIEBERHEIM

Paradyskloof STELLENBOSCH

BELÊ IN U EIE DEELTJIE VAN STELLENBOSCH EN GENIET ALGEHELE SEKURITEIT, 'N IDILLIESE OMGEWING EN 'N UITSIG OOR DIE MAJESTIEUSE JONKERSHOEKBERGE!

RUIM • VEILIG • SKILDERAGTIG



- Hoofslaapkamer met badkamer en aantrekkamer en-suite.
- 2de en 3de slaapkamers met volledige badkamer.
- Motorhuis en motorafdak.
- Ommuurde privaattuin.
- Afsonderlike patio's vanaf slaap,- sit- en eetkamer.
- Noord-aansig.
- Slegs een elektroniese beheerde toegang tot Lieberheim.
- Toesluit en ry lewenstyl.

Lieberheim is 'n laedigtheid-ontwikkeling wat uit 43 vrystaande wonings bestaan, elk met afsonderlike titel, rustige privaatheid, manjifieke uitsigte oor die asemrowende Jonkershoekberge, sonnige noord-aansig kamers en – die beste van alles – werklik goeie sekuriteit.

Sekuriteit is van uiterste belang by Lieberheim. Die hele projek is omring deur 'n veiligheidsmuur en toegang word beperk tot 'n enkele elektronies beheerde hek wat deur middel van 'n kabelfoon met elke woning in die projek verbind is. Slegs inwoners binne die projek kan die hekmeganisme aktiveer. Bo en behalwe die beplande veiligheidsmaatreëls, kan inwoners hulle ook berus in die wete dat vriendelike bure daar is wanneer hulle hulle nodig het.

Die Lieberheim-skouhuis is 7 dae van die week oop:
Maan. – Don. 14h00–17h00, Vry. – Son. 14h00–17h00. Neem die R44 vanaf Stellenbosch na Somerset-Wes, draai oorkant die gholfbaan links in Paradyskloof-weg en draai daarna by die tweede pad, Floridaweg, regs. Lieberheim is aan die einde van Floridaweg.

Tree in verbinding met ons by die skouhuis (021) 880-1705 gedurende skou-ure of Susan Saaiman (021) 96-7222 of Wendy Ogiela (021) 880-1042.

bellandia

OOK BESKIKBAAR
IN SUPERIOR MILD

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hul strewe
na die beste, leef voort in die vervaardiging van
Rembrandt van Rijn-die wêreld se eerste vollengte-sigaret
met filtermondstuk-die Meesterstuk in Sigarette.

Room van die Oes

DIE
MEESTERSTUK

RVR 300A